"potensieel besproeibare oppervlakte" die maksimum bewerkbare oppervlakte van 'n stuk oewergrond wat binne die perke van 'n afstand van 1,6 kilometer horisontaal vanaf die oewer en/of 'n hoogte van 45 meter vertikaal bokant die bedding van die betrokke openbare stroom geleë is en wat deur die Minister van Omgewingsake en Visserye as geskik geag word vir die kweek van landbougewasse onder besproeiing;

en het enige uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis.

(g) for the burning of rubbish on farms, residential premises of one hectare or more in extent or premises in newly proclaimed townships under development: Provided that prior approval therefor has been granted by the Regional Director of the Directorate of Forestry of the Department of Environment Affairs, Cape Town, and that fires be made not closer than 10 metres to any inflammable material or vegetation, except the inflammable material used in the making of the fire.

S. A. S. HAYWARD, Minister of Environment Affairs and Fisheries.

SCHEDULE

That portion of the Cape Peninsula which is bounded by the sea from a point on the coast opposite the Muizenberg Railway Station to the mouth of the Salt River; thence in a straight line to the Salt River Railway Station, thence along the railway line across the Cape Flats to the Muizenberg Railway Station; thence in a straight line to a point on the coast opposite the Muizenberg Railway Station, the point of beginning.

No. 2698 **9 December 1983**

GREAT FISH RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISIONS OF SOMERSET EAST, BEDFORD, ALBANY, BATHURST, PEDDIE, VICTORIA EAST AND FORT BEAUFORT, CAPE PROVINCE.—CONTROL OVER THE ABSTRACTION AND USE OF PUBLIC WATER FOR AGRICULTURAL PURPOSES IN TERMS OF SECTION 62 OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956)—AMENDMENT OF EXISTING PROVISIONAL DETERMINATION IN TERMS OF SECTION 62 (2) (a) OF THE WATER ACT

In this notice, unless the context otherwise indicates—

"date of inclusion" of a piece of riparian land in the Area means 15 January 1971 or 7 September 1971, as the case may be, or the date on which a piece of riparian land may be included in the Area in the future;

"existing irrigation development" means the area which forms part of a piece of riparian land situated in the Area and which, in the opinion of the Minister of Environment Affairs and Fisheries, was irrigated lawfully and beneficially from the Great Fish River within the period of 12 months prior to the date of inclusion of such piece of land in the Area;

"potential irrigable area" means the maximum arable area of a piece of riparian land which is situated within the limits of a distance of 1,6 kilometres horizontally from the bank and/or a height of 45 metres vertically above the bed of the public stream concerned and which is considered by the Minister of Environment Affairs and Fisheries to be suitable for the cultivation of agricultural crops under irrigation;

"the Act" means the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended;

"the Area" means that portion of the Great Fish River Government Water Control Area (as proclaimed by Proclamation 10 of 15 January 1971 and amended by Proclamation 213 of 17 September 1971 or as it may be amended by proclamation in future) which stretches from the upstream boundaries of the properties Wilgen Fontein Som. Q8.3 in the Division of Somerset East and South Vleij Bed. Q1.19 in the Division of Bedford down to the Indian Ocean;

and any expression to which a meaning has been assigned in the Act has the same meaning.

1. In my hoedanigheid van Minister van Omgewingsake en Visserye maak ek, Sarel Antoine Strydom Hayward, hierby ingevolge artikel 62 (2) (a) van die Wet bekend dat ek, in afwagting van die afkondiging van 'n finale bepaling ingevolge artikel 62 (2)*bis* (c) van die Wet, die volgende gewysigde voorlopige bepaling gemaak het wat die toewysing van die beskikbare openbare water vir landboudoeleindes binne die Gebied betref, welke bepaling die bestaande bepaling, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 1718 van 25 Augustus 1978, vervang:

(a) Die maksimum omvang van grond binne die Gebied wat met ingang van die datum van publikasie hiervan met openbare water besproei mag word, word beperk tot—

(i) 'n maksimum oppervlakte van 25 hektaar per oewereienaar soos geregistreer by die Kantoor van die Registrateur van Aktes op die datum van insluiting van sodanige eienaar se stuk/ke grond, op voorwaarde dat die nodige potensieel besproeibare oppervlakte wel beskikbaar is; of

(ii) die oppervlakte van die grond op enige stuk oewergrond wat op die datum van insluiting van daardie grond wettig en voordelig besproei is;

watter oppervlakte ook al die grootste is.

(b) Voorts bepaal ek hierby ingevolge artikel 62 (2) (b) van die Wet dat 'n maksimum hoeveelheid van 9 000 kubieke meter water, indien dit beskikbaar is, jaarliks vir die besproeiing van elke hektaar grond wat ingevolge hierdie bepaling besproei mag word, uitgeneem mag word, welke kwota gelykstaande is met 'n watertoediening van 900 millimeter per jaar.

(c) Die maksimum tempo waarteen water te eniger tyd uit openbare strome binne die Gebied uitgeneem mag word, word beperk tot 7 liter per sekonde per hektaar grond wat ingevolge hierdie bepaling besproei mag word.

2. Elke eienaar van oewergrond met bestaande waterwerke en besproeiingsontwikkeling soos op die datum van insluiting van die betrokke eiendom by die Gebied moet ooreenkomstig artikel 62 (1) (a) van die Wet binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing volle besonderhede van sodanige waterwerke en besproeiingsontwikkeling skriftelik aan die Seksie-ingenieur, Departement van Omgewingsake, Privaatsak X68, Cradock, 5880, vir registrasiedoeleindes verstrek, dit wil sê indien daar nog nie hieraan voldoen is nie. Sodanige eienaar mag, onderworpe aan die tydige indiening van die besonderhede soos voorgeskryf ingevolge artikel 62 (1) (a) van die Wet en tot tyd en wyl 'n finale bepaling vir die Gebied ingevolge artikel 62 (2)*bis* (c) van die Wet afgekondig word, voortgaan met die uitneem, opdamming of opgaring van die hoeveelheid openbare water wat hy/sy wettiglik voor of ten tyde van die insluiting van die betrokke eiendom by die Gebied deur middel van sodanige bestaande waterwerke uitgeneem, opgedam of opgegaar het.

3. Elke eienaar van oewergrond binne die Gebied wat op die datum van insluiting van die betrokke stukke grond nog geen grond met openbare water besproei het nie, of 'n oppervlakte van minder as 25 ha op sodanige stukke grond besproei het, kan ingevolge artikel 62 (2) (a) (i) van die Wet aansoek doen om die uitreiking van die nodige onttrekkingspermit ten einde hom/haar in staat te stel om 'n maksimum oppervlakte van 25 ha te besproei, mits die nodige potensieel besproeibare oppervlakte beskikbaar is. Sodanige aansoeke moet aan voormelde Seksie-ingenieur gerig word, en in dié verband word 'n volledige beskrywing van die betrokke eiendom, soos in die Aktekantoor geregistreer, vereis.

1. In my capacity as Minister of Environment Affairs and Fisheries, I, Sarel Antoine Strydom Hayward, hereby make known in terms of section 62 (2) (a) of the Act that, in anticipation of the publication of a final determination in terms of section 62 (2)*bis* (c) of the Act, I have made the following amended provisional determination in regard to the apportionment of the available public water for agricultural purposes within the Area, which determination supersedes the existing determination published in Government Notice 1718 of 25 August 1978:

(a) The maximum extent of land in the Area which may be irrigated by means of public water with effect from the date of publication hereof shall be limited to—

(i) a maximum area of 25 hectares per riparian owner as registered in the Office of the Registrar of Deeds on the date of inclusion of such owner's piece(s) of riparian land, provided the necessary potential irrigable area is available; or

(ii) the area of the land included in any piece of riparian land which, on the date of inclusion of that piece of land, was lawfully and beneficially irrigated;

whichever area is the larger.

(b) Furthermore, I hereby determine in terms of section 62 (2) (b) of the Act that a maximum quantity of 9 000 cubic metres of water, if available, may be abstracted annually for the irrigation of each hectare of land which may be irrigated in terms of this determination, which quota is equivalent to a water application of 900 millimetres per annum.

(c) The maximum rate at which water may at any time be abstracted from public streams in the Area shall be limited to 7 litres per second per hectare of land which may be irrigated in terms of this determination.

2. Each owner of riparian land with existing water works and irrigation development as at the date of inclusion of the property concerned in the Area shall, in terms of section 62 (1) (a) of the Act, within a period of three months of the date of publication of this notice furnish the Circle Engineer, Department of Environment Affairs, Private Bag X68, Cradock, 5880, with full particulars, in writing, of such water works and irrigation development for registration purposes, that is if such particulars have not been previously furnished. Such owner may, subject to the timely lodgement of the particulars called for in terms of section 62 (1) (a) of the Act and until such time as a final determination for the area in terms of section 62 (2)*bis* (c) of the Act is published, continue to abstract, impound or store the quantity of public water that he/she was lawfully abstracting or impounding or storing by means of such existing water works at or prior to the date of inclusion of the property concerned into the Area.

3. Each owner of riparian land within the Area who on the date of inclusion of the pieces of land concerned had not yet irrigated any land by means of public water or who had irrigated an area of less than 25 hectares on such pieces of land, may in terms of section 62 (2) (a) (i) of the Act apply for the issuing of the necessary abstraction permit to enable him/her to irrigate a maximum area of 25 hectares, provided that the necessary potential irrigable area is available. Such applications must be submitted to the aforementioned Circle Engineer, and in this regard a complete description of the property concerned, as registered in the Deeds Office, is required.

4. Die uitreiking van onttrekkingspermitte ingevolge hierdie bepaling aan oewereienaars binne die Gebied geskied uitdruklik onder die voorwaarde en verstandhouding dat dit sodanige eienaars nie 'n aanspraak of reg verleen ten opsigte van enige opgegaarde water wat spesiaal uit Staatswaterwerke in die rivier afgelaat word vir uitvarsingsdoeleindes nie.

5. Die toewysings ingevolge onttrekkingspermitte sal bereken word ten opsigte van oewereiendomme soos dit op die datum van insluiting daarvan by die kantoor van die Registrateur van Aktes geregistreer was en geen afsonderlike of addisionele toewysings sal ten opsigte van onderverdelings wat sedert gemelde datum ontstaan het, gemaak word nie. Eienaars van sodanige onderverdelings kan egter by ooreenkoms deel in die permittoewysing ten opsigte van die oorspronklike eiendom, in welke geval die uitreiking van afsonderlike onttrekkingspermitte ingevolge artikel 62 (6) (b) (i) van die Wet oorweeg sal word slegs na ontvangs van 'n koopkontrak of skriftelike ooreenkoms onderteken deur al die belanghebbende partye, waarin duidelik gespesifiseer word in watter verhouding die permittoewysing tussen die betrokke onderverdelings verdeel moet word.

6. Ingevolge artikel 62 (2) (a) (ii) van die Wet mag niemand in verband met die benutting van openbare water enige nuwe waterwerke bou of 'n bestaande waterwerk verander, vergroot of vervang nie, tensy so iemand vooraf 'n werkepermit bekom het wat hom/haar daartoe magtig. Met die oog op doeltreffende beheer sal dit verpligtend wees dat alle pomptoestelle van 'n goedgekeurde tipe watermeter voorsien word. Die nodige aansoekvorms vir werkepermitte is verkrygbaar van die kantoor van voormelde Seksie-ingenieur en moet aan hom gepos word nadat dit ingevul is.

7. Die aandag word ook gevestig op artikel 62 (7) van die Wet, wat bepaal dat iemand wat in stryd met 'n bepaling van artikel 62 daarvan of van 'n permit uitgereik ingevolge artikel 62 (1) of (2) openbare water uitneem, opdam of opgaar of wat 'n waterwerk sonder 'n permit uitgereik ingevolge artikel 62 (2) of anders as ooreenkomstig die voorwaardes uiteengesit in sodanige permit, bou, verander of vergroot, aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding strafbaar is met die strawwe in artikel 170 (1) van die Wet voorgeskryf.

S. A. S. HAYWARD, Minister van Omgewingsake en Visserye.

4. The issuing of abstraction permits in terms of this determination to riparian owners within the Area is specifically subject to the condition and understanding that such owners will have no claim or right in respect of any stored water specifically released from the Government water works into the river for desalination purposes.

5. The apportionments in terms of abstraction permits will be calculated in respect of riparian properties as registered in the Office of the Registrar of Deeds on the date of inclusion thereof and no separate or additional apportionments will be made in respect of subdivisions which came into being after the said date. Owners of such subdivisions may, however, by agreement share in the permit apportionment in respect of the original property, in which case the issuing of separate abstraction permits in terms of section 62 (6) (b) (i) of the Act will be considered only upon receipt of a deed of sale or written agreement signed by all interested parties, clearly specifying in what proportion the permit appointments shall be divided among such subdivisions.

6. In terms of section 62 (2) (a) (ii) of the Act, no person may, in connection with the utilisation of public water, construct any new water work or alter, enlarge or replace an existing water work unless such person first obtains a works permit which authorises him/her thereto. With a view to effective control it will be compulsory to fit an approved type of water meter to all pumping installations. The necessary application forms for works permits are obtainable from the office of the aforementioned Circle Engineer and must be posted to him after completion.

7. Attention is also drawn to section 62 (7) of the Act, which provides that any person who abstracts, impounds or stores public water in contravention of any of the provisions of section 62 thereof or of a permit issued under section 62 (1) or (2) or who constructs, alters or enlarges a water work without a permit issued under section 62 (2) or otherwise than in accordance with the conditions specified in such permit shall be guilty of an offence and shall, on conviction, be liable to the penalties prescribed in section 170 (1) of the Act.

S. A. S. HAYWARD, Minister of Environment Affairs and Fisheries.

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING

No. 2697 **9 Desember 1983**

Hierby word bekendgemaak dat Sy Edele J. C. Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, ingevolge die bepalings van artikels 3 (3) en 3 (6) van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet 91 van 1983), die ondergenoemde persone met ingang van 1 Januarie 1984, aangestel het as lede en plaasvervangende lede van die Raad vir die Koördinering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede:

Lid	*Plaasvervanger*
Mnr. E. Abramjee	Mnr. A. E. Arbee.
Mnr. R. Bhana	Mnr. B. Dookie.
Mnr. P. K. Botha	Mnr. L. Ferreira.
Mnr. Y. Chothia	Mnr. E. L. Goldschmidt.
Mnr. D. M. G. Curry	Mnr. J. D. Johnson.
Mnr. C. F. L. Diener	Mnr. H. J. Badenhorst, L.P.R.
Mnr. N. W. Doubell	Mnr. H. Symington.
Mnr. S Essop	Dr. M. S. Padayachy.
Mnr. R. M. Friedlander	Mnr. J. Muir.
Mnr. R. B. J. Gouws	Mnr. J. J. Baard.
Mnr. C. E. Green	Mnr. R. O'Reilly.

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT AND PLANNING

No. 2697 **9 December 1983**

It is hereby notified for general information that in terms of sections 3 (3) and 3 (6) of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act 91 of 1983), the Honourable J. C. Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, appointed the following persons as members and alternate members of the Council for the Co-operation of Local Government Affairs, with effect from 1 January 1984:

Member	*Alternate*
Mr E. Abramjee	Mr A. E. Arbee.
Mr R. Bhana	Mr B. Dookie.
Mr P. K. Botha	Mr L. Ferreira.
Mr Y. Chothia	Mr E. L. Goldschmidt.
Mr D. M. G. Curry	Mr J. D. Johnson.
Mr C. F. L. Diener	Mr H. J. Badenhorst, M.P.C.
Mr N. W. Doubell	Mr H. Symington.
Mr S Essop	Dr M. S. Padayachy.
Mr R. M. Friedlander	Mr J. Muir.
Mr R. B. J. Gouws	Mr J. J. Baard.
Mr C. E. Green	Mr R. O'Reilly.

Lid	*Plaasvervanger*
Mnr. P. A. R. Kay	Mnr. B. J. E. Human.
Mnr. H. N. C. Maclennan	Mnr. D. Smith.
Mnr. D. C. Macleod	Mnr. J. Marshall.
Ds. E. J. Manikkam	Mnr. M. H. Swartz.
Mnr. P. Mathee	Mnr. H. H. S. Venter.
Mnr. Y. Moolla	Mnr. A. W. Stowman.
Mnr. I. J. Müller	Mnr. J. Smit.
Mnr. J. F. Oberholzer, V.R.	Mnr. C. Venter.
Mnr. J. A. Rabie	Mnr. L. J. Dewrance.
Mnr. A. Rajbansi	Mnr. S. V. Naicker.
Mnr. W. F. Saal	Mnr. G. J. Meiring.
Mnr. P. T. Sanders	Mnr. T. C. Solomon.
Dr. T. G. Schlebusch	Mnr. S. Immelman.
Mnr. S. J. Smit	Mnr. S. Bekker.
Mnr. J. J. S. van der Spuy, L.P.R.	Dr. G. J. Davidtz.
Mnr. L. C. van Wyk	Mnr. H. Cassim.
Mnr. O. A. W. van Zyl	Mnr. J. I. Styger.
Mnr. J. H. Young	Mnr. H. van Zyl Cillie.

Member	*Alternate*
Mr P. A. R. Kay	Mr B. J. E. Human.
Mr H. N. C. Maclennan	Mr D. Smith.
Mr D. C. Macleod	Mr J. Marshall.
Rev E. J. Manikkam	Mr M. H. Swartz.
Mr P. Mathee	Mr H. H. S. Venter.
Mr Y. Moolla	Mr A. W. Stowman.
Mr I. J. Müller	Mr J. Smit.
Mr J. F. Oberholzer, J.P.	Mr C. Venter.
Mr J. A. Rabie	Mr L. J. Dewrance.
Mr A. Rajbansi	Mr S. V. Naicker.
Mr W. F. Saal	Mr G. J. Meiring.
Mr P. T. Sanders	Mr T. C. Solomon.
Dr T. G. Schlebusch	Mr S. Immelman.
Mr S. J. Smit	Mr S. Bekker.
Mr J. J. S. van der Spuy, M.P.C.	Dr G. J. Davidtz.
Mr L. C. van Wyk	Mr H. Cassim.
Mr O. A. W. van Zyl	Mr J. I. Styger.
Mr J. H. Young	Mr H. van Zyl Cillie.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

GENERAL NOTICES

KENNISGEWING 914 VAN 1983—NOTICE 914 OF 1983

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE—SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES

STAAT VAN BEDRYFSUITGAWE—STATEMENT OF WORKING EXPENDITURE

OKTOBER/OCTOBER 1983

Diens/Service	Oktober 1983 October 1983		April tot Oktober 1983 April to October 1983	
	Begroting Estimate	Werklike Actual	Begroting Estimate	Werklike Actual
	R'000	R'000	R'000	R'000
Spoorweë/Railways:				
Vervoerdienste/Transportation Services:				
Administrasie- en algemene koste/Administrative and General Charges	19 733	19 803	137 597	133 572
Onderhoud van spoorbaan en werke/Maintenance of Permanent Way and Works	64 178	59 059	445 173	412 831
Onderhoud van rollende materiaal/Maintenance of Rolling Stock	49 248	46 515	345 048	325 428
Beweegkragbedryfskoste/Motive Power Operating Expenses	67 118	59 393	464 747	429 018
Verkeers- en voertuigloopkoste/Traffic, and Vehicle Running Expenses	66 385	61 665	465 105	439 520
Besteldiens/Cartage Services	6 161	4 961	41 390	37 195
Waardevermindering/Depreciation	53 388	54 253	373 716	372 442
Hulpdienste/Subsidiary Services:				
Verversings- en beddediens/Catering and Bedding Services	2 505	2 237	17 447	15 460
Publisiteit en reklame/Publicity and Advertising	58	57	402	408
Padvervoerdiens/Road Transport Service	14 238	14 856	97 906	96 539
Toeristediens/Tourist Service	4 137	3 718	28 955	29 023
Netto-inkomsterekening/Net Revenue Account:				
Finansieringskoste/Financing Costs	77 096	69 472	513 324	447 473
Diverse uitgawe/Miscellaneous Expenditure	4 391	3 577	31 854	28 162
Totaal/Total	428 636	399 567	2 962 664	2 767 070
Hawens/Harbours:				
Vervoerdienste/Transportation Services:				
Eksploitasie en onderhoud/Working and Maintenance	23 770	22 779	163 263	153 477
Graansuiers/Grain Elevators	314	325	2 160	2 123
Waardevermindering/Depreciation	6 799	6 755	47 593	47 006
Hulpdienste/Subsidiary Services:				
Vuurtorings/Lighthouses	380	320	2 684	2 144
Voorverkoeldienste/Pre-cooling Services	1 407	1 259	11 458	6 908
Netto-inkomsterekening/Net Revenue Account:				
Finansieringskoste/Financing Costs	10 530	7 690	70 116	58 097
Diverse uitgawe/Miscellaneous Expenditure	181	189	1 255	1 138
Totaal/Total	43 381	39 317	298 529	270 894
Lugdiens/Airways:				
Vervoerdienste/Transportation Services:				
Eksploitasie en onderhoud/Working and Maintenance	79 528	66 859	552 879	461 484
Waardevermindering/Depreciation	9 362	9 026	65 534	64 008
Netto-inkomsterekening/Net Revenue Account:				
Finansieringskoste/Financing Costs	8 253	6 863	54 994	50 262
Diverse uitgawe/Miscellaneous Expenditure	788	2 647	5 457	9 496
Totaal/Total	97 931	85 394	678 864	585 250

Diens/Service	Oktober 1983 October 1983		April tot Oktober 1983 April to October 1983	
	Begroting Estimate	Werklike Actual	Begroting Estimate	Werklike Actual
	R'000	R'000	R'000	R'000
Pypleidings/Pipelines:				
Vervoerdienste/Transportation Services:				
Eksploitasie en onderhoud/Working and Maintenance	1 720	1 374	11 875	10 042
Waardevermindering/Depreciation	1 216	1 200	8 512	8 400
Netto-inkomsterekening/Net Revenue Account:				
Finansieringskoste/Financing Costs	1 763	1 225	11 748	9 282
Diverse uitgawe/Miscellaneous Expenditure	7	6	45	35
Totaal/Total	4 706	3 805	32 180	27 759
Aanwending van netto inkomste/Appropriation of Net Revenue:				
Bydrae tot Fonds ter Uitskakeling van Spooroorgange/Contribution to Level Crossings Elimination Fund	208	208	1 456	1 456
Totaal/Total	208	208	1 456	1 456
Groottotaal/Grand Total	574 862	528 291	3 973 693	3 652 428

STAAT VAN INKOMSTE—STATEMENT OF REVENUE

Diens/Service	Oktober 1983 October 1983		April tot Oktober 1983 April to October 1983	
	Begroting Estimate	Werklike Actual	Begroting Estimate	Werklike Actual
	R'000	R'000	R'000	R'000
Spoorweë/Railways:				
Vervoerdienste/Transportation Services:				
Passasiers/Passengers	61 342	58 517	411 675	401 684
Pakkette/Parcels	8 412	7 416	55 129	50 067
Pos/Mails	2 041	2 000	14 092	13 998
Goedere/Goods	198 359	199 725	1 381 000	1 358 936
Steenkool/Coal	41 117	41 625	295 114	330 190
Lewende hawe/Livestock	1 118	899	7 779	7 008
Huur en opslagkoste/Rents and Storage	2 479	2 334	16 468	14 917
Ander vervoerdienste/Other Transport Services	5 798	4 683	41 003	31 315
Ander inkomste/Other Revenue:				
Diverse inkomste/Miscellaneous Revenue	5 800	5 068	40 600	42 039
Rente ontvang/Interest Received	9 413	12 833	65 273	75 988
Hulpdienste/Subsidiary Services:				
Verversings- en beddediens/Catering and Bedding Services	2 022	1 768	14 683	12 589
Publisiteit en reklame/Publicity and Advertising	142	170	993	1 168
Toeristediens/Tourist Service	4 242	4 189	29 690	29 755
Padvervoerdiens/Road Transport Services	15 536	16 130	103 938	107 895
Totaal/Total	357 821	357 356	2 477 437	2 477 550
Hawens/Harbours:				
Marinedienste/Marine Services:				
Haweregte op skepe/Port Dues on Ships	1 344	1 305	9 388	9 336
Sleepbootdienste/Tug Services	2 146	1 766	14 420	13 883
Droogdokke, dryfdokke, ens./Dry Docks, Floating Docks, etc.	336	229	2 350	2 016
Diverse/Miscellaneous	1 270	1 118	9 107	9 095
Vragdienste/Cargo Services:				
Kaaigeld op vrag/Wharfage on Cargo	33 568	31 458	221 194	208 504
Vraghantering/Cargo Handling	14 399	15 362	98 382	103 283
Besteldiens/Cartage Services	2 214	2 548	14 914	17 367
Diverse/Miscellaneous	2 876	3 332	19 839	22 538
Ander inkomste/Other Revenue:				
Diverse inkomste/Miscellaneous Revenue	83	1 594	583	2 317
Rente ontvang/Interest Received	948	1 180	6 558	7 873
Hulpdienste/Subsidiary Services:				
Vuurtorings/Lighthouses	418	442	2 930	2 965
Voorverkoeldienste/Pre-cooling Services	1 404	1 248	11 435	6 805
Totaal/Total	61 006	61 581	411 100	405 984

Diens/Service	Oktober 1983 October 1983		April tot Oktober 1983 April to October 1983	
	Begroting Estimate	Werklike Actual	Begroting Estimate	Werklike Actual
	R'000	R'000	R'000	R'000
Lugdiens/Airways:				
Vervoerdienste/Transportation Services:				
Passasiers/Passengers	72 334	67 680	487 009	443 747
Pos/Mails	1 456	1 479	10 151	9 914
Vrag/Freight	13 305	13 621	83 765	84 301
Oormassabagasie/Excess Baggage	269	286	1 862	1 994
Huur van vliegtuie/Hire of Aircraft	212	62	1 484	790
Buffetvoorraad/Bar Stock	220	250	1 504	1 538
Kommissie/Commission	512	425	3 137	2 545
Algemene hantering en bediening/General Handling and Attendance	580	570	3 336	4 055
Grondvervoer/Ground Transportation	34	11	232	57
Ander lugdiensdienste/Other Airways Services	652	443	5 612	2 483
Ander inkomste/Other Revenue:				
Diverse inkomste/Miscellaneous Revenue	633	4 789	4 433	14 304
Rente ontvang/Interest Received	1 455	1 708	10 147	11 955
Totaal/Total	91 662	91 327	612 672	577 682
Pypleidings/Pipelines:				
Vervoerdienste/Transporation Services:				
Petroleumprodukte/Petroleum Products	22 501	24 398	107 326	101 292
Huur, opslagkoste en staangeld/Rents, Storage and Demurrage	9	—	57	—
Ander inkomste/Other Revenue:				
Diverse inkomste/Miscellaneous Revenue	50	2	350	9
Rente ontvang/Interest Received	278	314	1 938	2 203
Totaal/Total	22 838	24 713	109 671	103 504
Groottotaal/Grand Total	533 327	534 977	3 610 880	3 564 721
Bedryfsresultaat/Results of working:				
Totaal inkomste/Total revenue	533 327	534 977	3 610 880	3 564 721
Totaal uitgawe/Total expenditure	574 862	528 291	3 973 693	3 652 428
Surplus	—	6 686	—	—
Tekort/Deficit	41 535	—	362 813	87 707

Kantoor van die Hoofbestuurder, Johannesburg.
Office of the General Manager, Johannesburg.

(9 Desember 1983)/(9 December 1983)

KENNISGEWING 915 VAN 1983

KANONEILAND-NEDERSETTINGSBESTUURS-RAAD.—PLAASBELASTING, 1984

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad kragtens artikel 13 van die Kanoneiland-nedersettingbestuurswet, 1939 (Wet 15 van 1939), en met goedkeuring van die Minister van Gemeenskapsontwikkeling, onderstaande belasting opgelê het:

Kragtens regulasie 24 van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing 973 van 7 Julie 1939 gepubliseer en ooreenkomstig artikel 17 van voornoemde Wet uitgevaardig is, het die Minister bepaal dat hierdie belasting op ondergenoemde datum betaalbaar is:

'n Plaasbelasting van een rand (R1) per erf per jaar, vooruitbetaalbaar op 31 Januarie 1984.

(9 Desember 1983)

NOTICE 915 OF 1983

CANNON ISLAND SETTLEMENT MANAGEMENT BOARD.—FARM RATE, 1984

It is hereby notified for general information that, in terms of section 13 of the Cannon Island Settlement Management Act, 1939 (Act 15 of 1939), the Board, with the approval of the Minister of Community Development, has levied the undermentioned rate:

In terms of regulation 24 of the regulations published in Government Notice 973, dated 7 July 1939, and promulgated in accordance with section 17 of the aforementioned Act, the Minister has determined that this rate shall be payable on the date indicated hereunder:

A farm rate of one rand (R1) per erf per annum, payable in advance on 31 January 1984.

(9 December 1983)

KENNISGEWING 916 VAN 1983

SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENINGE.—KLERCK-SKIETBAAN, OOS-LONDEN

1. Ter inligting word bekendgemaak dat skietoefeninge oor die tydperk 1 Januarie 1984 tot 31 Desember 1984 te Klerck-skietbaan, Oos-Londen, sal plaasvind.

2. Terwyl die oefeninge aan die gang is, sal dit gevaarlik wees om die gebied, in die Bylae omskryf, en die lugruim tot 1 500 m onmiddellik daarbo binne te gaan.

3. Almal word gewaarsku om nie aan onontplofte ammunisie te raak nie. As iemand sulke ammunisie vind, moet die militêre owerhede of die SAP daarvan verwittig word.

4. Skietbaanvoorrade moet nie deur ongemagtigde persone aangeraak word nie of van die gebied verwyder word nie.

5. Enige persoon wat opsetlik nie die voorskrifte van kennisgewings of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of lede van die veiligheidspatrollies gehoorsaam nie, of verontagsaam, kan vervolg word. Sodanige verontagsaming sal nie slegs tot vervolging lei nie, maar ook lewens en eiendom in ernstige gevaar stel.

6. Die Bevelvoerder, Kommandement Oostelike Provinsie, is kragtens die regulasies as Kompensasie-offisier aangestel en eise moet binne 30 dae na die datum van die skietoefening by sy kantoor by Posbus 115, Port Elizabeth, ingedien word.

BYLAE

Die Klerck-skietbaangevaarstrook is 'n gebied wat deur denkbeeldige lyne omgrens word en wat by die volgende punte aansluit:

Breedtegraad 33 grade 02′ 45″ Suid.
Lengtegraad 27 grade 52′ 00″ Oos.

Breedtegraad 33 grade 02′ 45″ Suid.
Lengtegraad 27 grade 53′ 00″ Oos.

Breedtegraad 33 grade 04′ 30″ Suid.
Lengtegraad 27 grade 53′ 00″ Oos.

Breedtegraad 33 grade 04′ 30″ Suid.
Lengtegraad 27 grade 52′ 00″ Oos.

Die gebied kan rofweg beskrywe word as geleë tussen Fullers Bay en Shelly Beach. Die gebied is ongeveer 2 kilometer wyd en strek see- en suidwaarts vir ongeveer 4 kilometer.

(9 Desember 1983)

KENNISGEWING 917 VAN 1983

SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENINGE.—KAAP RECIFE-SKIETBAAN

1. Ter inligting word bekendgemaak dat skietoefening oor die tydperk 1 Januarie 1984 tot 31 Desember 1984 te Kaap Recife-skietbaan sal plaasvind.

NOTICE 916 OF 1983

SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.—KLERCK RIFLE RANGE, EAST LONDON

1. It is notified for information that firing practises will be carried out over the period 1 January 1984 to 31 December 1984 at the Klerck Rifle Range, East London.

2. While exercises are in progress it will be dangerous to enter the area prescribed in the Annexure hereto, and the air space of up to 1 500 m immediately above the area.

3. All persons are warned against handling unexploded ammunition. On the discovery of such, the military authorities or the SAP should be advised thereof.

4. Any person who wilfully disobeys or disregards the directions of notices, or any signals or orders by the Officer in Command or by members of safety patrols, may be prosecuted. Such disregard will not only lead to prosecution but is likely to seriously endanger life and property.

5. Range stores may not be tampered with nor removed from the area by any unauthorised person.

6. The Officer Commanding, Eastern Province Command, is appointed Compensation Officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at P.O. Box 115, Port Elizabeth, within 30 days from the date of the exercises.

ANNEXURE

The Klerck Rifle Range danger zone is the area bounded by imaginary lines joining the following points:

Latitude 33 degrees 02′ 45″ South.
Longitude 27 degrees 52′ 00″ East.

Latitude 33 degrees 02′ 45″ South.
Longitude 27 degrees 53′ 00″ East.

Latitude 33 degrees 04′ 30″ South.
Longitude 27 degrees 53′ 00″ East.

Latitude 33 degrees 04′ 30″ South.
Longitude 27 degrees 52′ 00″ East.

The area can be roughly described as situated between Fuller Bay and Shelly Beach. It is approximately 2 kilometres wide and stretches southwards for approximately 4 kilometres out to sea.

(9 December 1983)

NOTICE 917 OF 1983

SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.—CAPE RECIFE RIFLE RANGE

1. It is notified for information that firing practises will be carried out over the period 1 January 1984 to 31 December 1984 at the Cape Recife Rifle Range.

2. Terwyl die oefeninge aan die gang is, sal dit gevaarlik wees om die gebied, in die Bylae omskryf, en die lugruim tot 1 500 m onmiddellik daarbo binne te gaan.

3. Almal word gewaarsku om nie aan onontplofte ammunisie te raak nie. As iemand sulke ammunisie vind, moet die militêre owerhede of die SAP daarvan verwittig word.

4. Skietbaanvoorrade moet nie deur ongemagtigde persone aangeraak word nie of van die gebied verwyder word nie.

5. Enige persoon wat opsetlik nie die voorskrifte van kennisgewings of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of lede van die veiligheidspatrollies gehoorsaam nie, of verontagsaam, kan vervolg word. Sodanige verontagsaming sal nie slegs tot vervolging lei nie, maar ook lewens en eiendom in ernstige gevaar stel.

6. Die Bevelvoerder, Kommandement Oostelike Provinsie is kragtens die regulasies as Kompensasie-offisier aangestel en eise moet binne 30 dae na die datum van die skietoefening by sy kantoor by Posbus 115, Port Elizabeth, ingedien word.

BYLAE

Die Kaap Recife-skietbaangevaarstrook is 'n gebied wat deur denkbeeldige lyne omgrens word en wat by die volgende punte aansluit:

Breedtegraad 34 grade 01′ 00″ Suid.
Lengtegraad 25 grade 39′ 00″ Oos.

Breedtegraad 34 grade 01′ 00″ Suid.
Lengtegraad 25 grade 40′ 00″ Oos.

Breedtegraad 34 grade 03′ 00″ Suid.
Lengtegraad 25 grade 40′ 00″ Oos.

Breedtegraad 34 grade 03′ 00″ Suid.
Lengtegraad 25 grade 39′ 00″ Oos.

Die gebied staan bekend as Shelly Bay. Die betrokke gebied is ongeveer 2 kilometer breed en strek seewaarts in 'n suidelike rigting vir ongeveer 4 kilometer.

(9 Desember 1983)

KENNISGEWING 919 VAN 1983

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

Die onderstaande wetsontwerp, wat gebaseer is op die aanbevelings vervat in die Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Struktuur en Funksionering van die Howe [RP 52/1982], word hiermee vir algemene inligting gepubliseer. Enige persoon wat kommentaar op die wetsontwerp wil lewer of vertoë daaromtrent wil rig, moet dit asseblief nie later nie as 31 Januarie 1984 aan die Direkteur-generaal: Justisie, Privaatsak X81, Pretoria, 0001, stuur.

WETSONTWERP

Om howe vir die beregting van klein siviele eise in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Ingedien te word deur die Minister van Justisie)

2. While exercises are in progress it will be dangerous to enter the area prescribed in the Annexure hereto, and the air space of up to 1 500 m immediately above the area.

3. All persons are warned against handling unexploded ammunition. On the discovery of such, the military authorities or SAP should be advised thereof.

4. Any person who wilfully disobeys or disregards the directions of notices, or any signals or orders by the Officer in Command or by members of safety patrols, may be prosecuted. Such disregard will not only lead to prosecution but is likely to seriously endanger life and property.

5. Range stores may not be tampered with nor removed from the area by any unauthorised person.

6. The Officer Commanding, Eastern Province Command, is appointed Compensation Officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at P.O. Box 115, Port Elizabeth, within 30 days from the date of the exercises.

ANNEXURE

The Cape Recife Rifle Range danger zone is the area bounded by imaginary lines joining the following points:

Latitude 34 degrees 01′ 00″ South.
Longitude 25 degrees 39′ 00″ East.

Latitude 34 degrees 01′ 00″ South.
Longitude 25 degrees 40′ 00″ East.

Latitude 34 degrees 03′ 00″ South.
Longitude 25 degrees 40′ 00″ East.

Latitude 34 degrees 03′ 00″ South.
Longitude 25 degrees 39′ 00″ East.

The area is known as Shelly Bay. The portion concerned is approximately 2 kilometres wide and stretches approximately 4 kilometres seawards.

(9 December 1983)

NOTICE 919 OF 1983

DEPARTMENT OF JUSTICE

The following Bill, which is based on the recommendations contained in the Fourth Interim Report of the Commission of Inquiry Into the Structure and Functioning of the Courts [RP 52/1982], is hereby published for general information. Any person wishing to offer comment on the Bill or to make representations thereanent, should kindly submit it to the Director-General: Justice, Private Bag X81, Pretoria, 0001, not later than 31 January 1984.

BILL

To establish courts for the adjudication of small civil claims; and to provide for incidental matters

(To be introduced by the Minister of Justice)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"die reëls" die reëls kragtens artikel 25 uitgevaardig;

"distrik" 'n distrik kragtens artikel 2 (1) (a) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), ingestel;

"hersieningshof" 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika;

"hierdie Wet" ook die reëls;

"hof" 'n hof kragtens artikel 2 ingestel;

"kommissaris" 'n Kommissaris vir Klein Eise kragtens artikel 9 aangestel;

"Minister" die Minister van Justisie;

"notuleer" om skriftelik of in snelskrif of op meganiese wyse af te neem en het "genotuleer" 'n ooreenstemmende betekenis;

"voorskryf" kragtens artikel 25 voorgeskryf, en het "voorgeskrewe" 'n ooreenstemmende betekenis.

HOOFSTUK I

INSTELLING EN AARD VAN HOWE VIR KLEIN EISE

Instelling van howe

2. Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) vir 'n distrik 'n hof vir die beregting van eise ingevolge hierdie Wet instel; en

(b) een of meer plekke in so 'n distrik vir die hou van sittings van so 'n hof bepaal.

Aard van howe en regskrag van prosesstukke

3. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) is die hof nie 'n hof van rekord nie.

(2) Die uitspraak, vonnis of bevel van die hof word deur die regterlike beampte genotuleer.

(3) Prosesstukke wat uit 'n hof uitgereik word, word op die voorgeskrewe wyse beteken of ten uitvoer gelê.

(4) Alle prosesstukke uit 'n hof uitgereik, is deur die hele Republiek van Suid-Afrika van krag.

Hofsittings in openbaar

4. (1) Behoudens subartikel (2) vind die verrigtinge in 'n hof in die openbaar plaas.

(2) Die hof kan in belang van die regspleging of die goeie orde of die openbare sedelikheid of waar die partye die hof daarom versoek, beveel dat die verrigtinge agter geslote deure moet plaasvind of dat bepaalde persone nie daarby aanwesig mag wees nie.

(3) Indien iemand wat by die verrigtinge aanwesig is, die rus of orde van die hof versteur, kan die hof so iemand laat verwyder en tot na afloop van die sitting in bewaring laat aanhou, of die hof kan, indien hy van mening is dat die orde nie anders gehandhaaf kan word nie, die hofsaal laat ontruim en die publiek laat uitsluit.

Voertaal by verrigtinge

5. (1) Die een of ander van die amptelike tale kan op enige stadium van die verrigtinge gebesig word.

(2) Indien getuienis afgelê word in 'n taal waarmee na die mening van die hof een van die partye nie genoegsaam vertroud is nie, moet die hof 'n bevoegde tolk inroep om sodanige getuienis of die verrigtinge te vertolk in 'n taal waarmee die betrokke party genoegsaam vertroud blyk te wees ongeag of die taal waarin die getuienis afgelê word een van die landstale is.

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:

Definitions

1. In this Act, except where the context otherwise indicates—

"commissioner" means a Commissioner for Small Claims appointed under section 8;

"court" means a court established under section 2;

"court of review" means a provincial or local division of the Supreme Court of South Africa;

"district" means a district created under section 2 (1) (a) of the Magistrates' Court Act, 1944 (Act 32 of 1944);

"Minister" means the Minister of Justice;

"prescribe" means prescribed in terms of section 25, and prescribed has a corresponding meaning;

"record" means to take down in writing or in shorthand or to record by mechanical means, and "recorded" has a corresponding meaning;

"the rules" means the rules made under section 25;

"this Act" includes the rules.

CHAPTER I

ESTABLISHMENT AND NATURE OF SMALL CLAIMS COURTS

Establishment of courts

2. The Minister may, by notice in the *Gazette*—

(a) establish a court for the adjudication of claims in terms of this Act for a district; and

(b) appoint one or more places within such a district for the holding of sessions of such a court.

Nature of courts and force of process

3. (1) Subject to the provisions of subsection (2) the court shall not be a court of record.

(2) The verdict, judgment or order of the court shall be recorded by the judicial officer.

(3) Process issued out of any court shall be served or executed in the prescribed manner.

(4) Every process issued out of any court shall be of force throughout the Republic of South Africa.

Courts to be open to public

4. (1) Subject to the provisions of subsection (2), the proceedings in a court shall be carried on in open court.

(2) The court may in the interest of the administration of justice or of good order or of public morals or when the parties so request the court, direct that the proceedings shall be held with closed doors or that specified persons shall not be permitted to be present thereat.

(3) If any person present at the proceedings disturbs the peace or order of the court, the court may order that person to be removed and detained in custody until the rising of the court, or, if in the opinion of the court peace cannot be otherwise secured, may order the court room to be cleared and the doors thereof to be closed to the public.

Language medium at proceedings

5. (1) Either of the official languages may be used at any stage of the proceedings.

(2) If evidence is given in a language with which one of the parties is in the opinion of the court not sufficiently conversant, a competent interpreter shall be called by the court in order to translate such evidence into a language with which the party concerned appears to be sufficiently conversant irrespective of whether the language in which the evidence is given, is one of the official languages.

Insae van stukke deur publiek en bewaring daarvan

6. (1) Behoudens die bepalings van die reëls lê die stukke van die hof op gepaste tye en teen betaling van die gelde van tyd tot tyd voorgeskryf, ter insae van die publiek onder toesig van die klerk van die hof, en word daardie stukke by die landdrossetel van daardie distrik waarvoor die hof ingestel is bewaar vir die tydperke wat die Direkteur-generaal: Justisie van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die Direkteur-generaal: Justisie kan gelas dat na verstryking van die in subartikel (1) bedoelde tydperke die aldus bewaarde stukke na 'n sentrale bewaarplek oorgebring word of dat dit vernietig word of dat op 'n ander wyse daaroor beskik word.

Partye verskyn in persoon

7. (1) Die partye tot 'n geding verskyn in persoon voor die hof en word, behoudens subartikel (2), nie tydens die verrigtinge deur enige persoon bygestaan of verteenwoordig nie.

(2) Die hof kan 'n ouer, voog of naverwante familielid van 'n minderjarige of ander persoon wat nie sonder bystand in 'n geregshof kan optree nie, toelaat om daardie minderjarige of ander persoon in verrigtinge voor die hof by te staan.

HOOFSTUK II

REGTERLIKE BEAMPTES EN BEAMPTES VAN DIE HOF

Voorsittende beampte

8. Die voorsittende beampte by elke hofsitting wat kragtens hierdie Wet gehou word, is 'n regterlike beampte kragtens die bepalings van artikel 9 aangestel.

Aanstelling van regterlike beampte

9. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel kan die Minister vir elke distrik een of meer Kommissarisse vir Klein Eise aanstel wat nie amptenare van die Staatsdiens is nie.

(2) 'n Persoon wat as kommissaris aangestel word, moet oor die kwalifikasies beskik om—

(a) kragtens die Wet op die Toelating van Advokate, 1964 (Wet 67 van 1964) toegelaat te word om as advokaat te praktiseer; of

(b) kragtens die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet 53 van 1979) as prokureur toegelaat te word; of

(c) kragtens die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944) as landdros aangestel te word,

en hy moes na verwerwing van sodanige kwalifikasies vir 'n ononderbroke tydperk van minstens sewe jaar by die toepassing van die reg betrokke gewees het.

(3) 'n Kommissaris beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum deur die Minister bepaal.

(4) 'n Kommissaris kan bedank deur sy bedanking skriftelik by die Minister in te dien.

(5) Die Minister kan te eniger tyd die aanstelling van 'n kommissaris op die gronde wat hy voldoende ag, intrek.

(6) Die kommissaris wat kragtens subartikel (1) aangestel is, vervul sy pligte slegs binne die regsgebied van die hof waarvoor hy aldus aangestel is.

(7) Niemand wat ingevolge subartikel (1) aangestel is, verrig die werksaamhede van 'n regterlike beampte in 'n hof nie tensy hy 'n eed of 'n plegtige verklaring in die onderstaande vorm afgelê en onderteken het nie:

"Ek, , verklaar hierby onder eed/plegtig en opreg dat wanneer ek ook al die werksaamhede van 'n regterlike beampte in 'n hof moet verrig, ek aan alle persone op gelyke voet reg sal

Public access to records and custody thereof

6. (1) Subject to the rules the records of the court shall be accessible to the public under supervision of the clerk of the court at convenient times and upon payment of the fees prescribed from time to time, and such records shall be preserved at the seat of the magistracy of that district for such periods as the Director-General: Justice may from time to time determine.

(2) The Director-General: Justice may order that after expiry of the periods referred to in subsection (1) the records so preserved be removed to a central place of custody or be destroyed or otherwise disposed of.

Parties appear in person

7. (1) The parties to an action appear in person before the court and shall, subject to subsection (2), not be assisted or represented by any person during the proceedings.

(2) The court may allow a parent, guardian or close relative of a minor or other person who is precluded from appearing in a court unassisted, to assist that minor or other person in proceedings before the court.

CHAPTER II

JUDICIAL OFFICERS AND OFFICERS OF THE COURT

Presiding officer

8. The presiding officer at every court session held under this Act, shall be a judicial officer appointed under the provisions of section 9.

Appointment of judicial officers

9. (1) Subject to the provisions of this section, the Minister may appoint for every district one or more Commissioners for Small Claims who shall not be officers of the Public Service.

(2) A person appointed as commissioner shall possess the qualifications—

(a) to be allowed to practise as an advocate under the Admission of Advocates Act, 1964 (Act 67 of 1964); or

(b) to be allowed as an attorney under the Attorneys Act, 1979 (Act 53 of 1979); or

(c) to be appointed as a Magistrate under the Magistrates' Court Act, 1944 (Act 32 of 1944),

and he must, after having obtained such qualifications, have been involved in the application of the law for an uninterrupted period of at least seven years.

(3) A commissioner holds office for a period of three years as from the date specified by the Minister.

(4) A commissioner may resign by handing his resignation in writing to the Minister.

(5) The Minister may at any time revoke the appointment of a commissioner on the grounds which he deems sufficient.

(6) The commissioner appointed under subsection (1), shall only perform his duties within the area of jurisdiction of the court for which he has been so appointed.

(7) No person appointed under subsection (1) shall perform the functions of a judicial officer in a court, unless he has taken an oath or made an affirmation subscribed by him in the form set out below, namely:

"I, , do hereby swear/solemnly and sincerely affirm and declare that whenever I may be called upon to perform the functions of a judicial officer in any court I will administer justice to

laat geskied sonder vrees, begunstiging of vooroordeel, en, soos die omstandighede van 'n bepaalde saak vereis, ooreenkomstig die reg en gebruike van die Republiek van Suid-Afrika.''.

(8) So 'n eed of plegtige verklaring word afgelê in die ope hof voor die mees senior beskikbare landdros van die betrokke distrik wat daaronder 'n verklaring moet endosseer dat dit voor hom afgelê is, en die datum van aflegging daarvan moet meld en dit moet onderteken.

Prosedure by afwesigheid of onvermoë van regterlike beampte

10. Wanneer 'n kommissaris weens afwesigheid of onvermoë nie in staat is om 'n verhoor te voltooi nie, moet daardie verhoor *de novo* voor 'n ander kommissaris 'n aanvang neem.

Beamptes van die Hof

11. (1) Behoudens die wetsbepalings op die Staatsdiens word daar vir elke hof, deur die landdros van die distrik waarin die hof geleë is, soveel klerke en assistent-klerke van die hof, tolke en regsassistente aangestel as wat nodig is.

(2) Die geregsbode wat kragtens die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944) aangestel is, word geag ook as geregsbode vir die hof binne die regsgebied van die landdroshof waarvoor hy aldus aangestel is, aangestel te wees.

HOOFSTUK III

JURISDIKSIE

Regsgebied

12. Die regsgebied van 'n hof omvat die distrik waarvoor daardie hof ingestel is.

Oorplasing van saak

13. 'n Aksie of proses kan, met die toestemming van al die partye, of op aansoek van een van die partye, en nadat aangetoon is dat die verhoor van sodanige aksie of proses in die hof waarin die dagvaarding uitgereik is, daardie partye onmatige koste of ongerief kan veroorsaak, deur die hof na 'n ander hof oorgeplaas word.

Jurisdiksie t.a.v. persone

14. (1) Behoudens subartikel (2) het die hof jurisdiksie ten aansien van persone wat in sy regsgebied woon, werk of besigheid doen.

(2) Geen aksie kan in die hof teen die Staat ingestel word nie en slegs 'n natuurlike persoon kan as eiser optree.

(3) Nieteenstaande enige ander wetsbepalings is die hof bevoeg om aksies tussen Swartes soos bedoel in artikel 10 van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927) te verhoor.

Jurisdiksie ten opsigte van skuldoorsaak

15. Behoudens die bepalings van hierdie Wet het die hof ten aansien van skuldoorsake, jurisdiksie in—

(a) aksies tot lewering of oordrag van roerende of onroerende goed waarvan die waarde hoogstens R750 is;

(b) aksies tot uitsetting teen die okkupeerder van 'n perseel of grond binne die regsgebied van die hof geleë: Met dien verstande dat, waar die reg tot okkupasie van die perseel of grond tussen die partye in geskil is, die suiwer waarde van daardie reg vir die okkupeerder hoogstens R750 is;

(c) aksies gebaseer op of wat ontstaan uit 'n likwiede dokument of 'n verband waar die vordering hoogstens R750 is;

all persons alike without fear, favour or prejudice and, as the circumstances of any particular case may require, in accordance with the law and customs of the Republic of South Africa''.

(8) Such oath or affirmation shall be taken or made in the open court before the most senior available magistrate of the district concerned, who shall at the foot thereof endorse a statement of the fact that it was taken or made before him and of the date on which it was so taken or made and append his signature thereto.

Procedure in case of absence or incapacity of judicial officer

10. Whenever by reason of absence or incapacity a commissioner is unable to complete a trial, that trial shall commence *de novo* before another commissioner.

Officers of the Court

11. (1) Subject to the provisions of the law governing the Public Service, there shall be appointed for every court by the magistrate of the district in which such court is situated so many clerks and assistant clerks of the court, interpreters and legal assistants as may be necessary.

(2) The messenger of the court appointed under the provisions of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944) shall be deemed to have been appointed messenger of the court for the court within the area of jurisdiction of the Magistrate's court for which he has been thus appointed.

CHAPTER III

JURISDICTION

Area of jurisdiction

12. The area of jurisdiction of a court shall be the district for which such court is established.

Transfer of case

13. An action or proceeding may, with the consent of all the parties thereto, or upon the application of any party thereto, and upon its being made to appear that the trial of such action or proceeding in the court wherein summons has been issued may result in undue expense or inconvenience to such party, be transferred by the court to any other court.

Jurisdiction in respect of persons

14. (1) Subject to subsection (2), the court has jurisdiction in respect of persons who reside, work or carry on business in its area of jurisdiction.

(2) No action can be instituted against the State in a court and only a natural person may appear as plaintiff.

(3) Notwithstanding any other provisions of the law, the court shall be competent to hear actions between Blacks as referred to in section 10 of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927).

Jurisdiction in respect of causes of action

15. Subject to the provisions of this Act, the court shall have jurisdiction in respect of causes of action in—

(a) actions in which is claimed the delivery or transfer of any property, movable or immovable, not exceeding R750 in value;

(b) actions of ejectment against the occupier of any premises or land within the area of jurisdiction of the court: Provided that, where the right of occupation of any premises or land is in dispute between the parties, such right does not exceed R750 in clear value to the occupier;

(c) actions based on or arising out of a liquid document or a mortgage bond, where the claim does not exceed R750;

(d) aksies gebaseer op of wat ontstaan uit 'n kontrak soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet 75 van 1980), waar die vordering of die waarde van die goed in geskil hoogstens R750 is;

(e) ander aksies as die wat reeds in hierdie artikel vermeld is, waar die vordering of waarde van die onderwerp in geskil hoogstens R750 is;

(f) teeneise van hoogstens R750 ten opsigte van die skuldoorsake in paragrawe (a) tot (e) vermeld.

Sake buite jurisdiksie

16. 'n Hof het geen jurisdiksie nie in sake—

(a) waarin die ontbinding van 'n huwelik ter sprake is;

(b) waarin die geldigheid of uitleg van 'n testament of ander testamentêre dokument in geskil is;

(c) rakende die status van 'n persoon ten opsigte van geestelike bekwaamheid;

(d) waarin daadwerklike vervulling sonder 'n alternatiewe eis om betaling van skadevergoeding gevorder word, behalwe in—

(i) die verstrekking van 'n rekening ten opsigte waarvan die vordering nie R750 te bowe gaan nie;

(ii) die lewering van roerende goed ter waarde van hoogstens R750;

(e) waarin 'n bevel tot ewigdurende stilswye aangevra word;

(f) waarin skadevergoeding geëis word ten opsigte van—

(i) laster;

(ii) kwaadwillige vervolging;

(iii) onregmatige gevangehouding;

(iv) onregmatige arrestasie;

(v) seduksie; of

(vi) verbreking van die troubelofte.

Insidentele jurisdiksie

17. (1) Die hof kan, in aksies waarin die gevorderde bedrag die jurisdiksie nie oorskry nie en die saldo is van 'n rekening, ondersoek instel na en, indien nodig, getuienis op die hele rekening afneem, selfs al bevat so 'n rekening poste en transaksies wat die jurisdiksie van die hof oorskry.

(2) Wanneer die gevorderde bedrag of die gevraagde ander tegemoetkoming binne die jurisdiksie val, dan word sodanige jurisdiksie nie opgehef bloot omdat die hof, ten einde tot 'n beslissing te kan kom, 'n bevinding oor 'n aangeleentheid wat buite sy jurisdiksie val, moet gee nie.

(3) By oorweging daarvan of 'n vordering binne die jurisdiksie val al dan nie, word vorderings tot betaling van rente op 'n geëiste hoofsom of vir koste of vir algemene of alternatiewe tegemoetkoming, nie in ag geneem nie.

Afstanddoening van gedeelte van vordering

18. (1) 'n Eiser kan, ten einde 'n vordering binne die jurisdiksie te bring, in sy dagvaarding of te eniger tyd daarna uitdruklik van 'n gedeelte van sy vordering afstand doen.

(2) 'n Vordering waarvan aldus gedeeltelik afstand gedoen is, gaan ten aansien van daardie gedeelte tot niet: Met dien verstande dat indien die vordering slegs ten dele toegewys word, die afstanddoening geag word eers ten aansien van die nie-toegewese gedeelte van die vordering te geld.

(d) actions based on or arising out of an agreement as defined in section 1 of the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980), where the claim or the value of the property in dispute does not exceed R750;

(e) actions other than those already mentioned in this section, where the claim or the value of the matter in dispute does not exceed R750;

(f) counterclaims not exceeding R750 in respect of the causes of action mentioned in paragraphs (a) to (e).

Matters beyond jurisdiction

16. The court shall have no jurisdiction in matters—

(a) in which the dissolution of any marriage is sought;

(b) in which the validity or interpretation of a will or other testamentary document is in question;

(c) in which the status of a person in respect of mental capacity is sought to be affected;

(d) in which is sought specific performance without an alternative of payment of damages, except in—

(i) the rendering of an account in respect of which the claim does not exceed R750;

(ii) the delivery of movable property, not exceeding R750 in value;

(e) in which is sought a decree of perpetual silence;

(f) in which is sought damages in respect of—

(i) defamation;

(ii) malicious prosecution;

(iii) false imprisonment;

(iv) false arrest;

(v) seduction; or

(vi) breach of promise to marry.

Incidental jurisdiction

17. (1) In actions wherein the sum claimed, being within the jurisdiction, is the balance of an account, the court may enquire into and take evidence if necessary upon the whole account, even though such account contains items and transactions exceeding the amount of the jurisdiction.

(2) Where the amount claimed or other relief sought is within the jurisdiction, such jurisdiction shall not be ousted merely because it is necessary for the court, in order to arrive at a decision, to give a finding upon a matter beyond the jurisdiction.

(3) In considering whether a claim is or is not within the jurisdiction, no prayer for interest on the principal sum claimed or for costs or for general or alternative relief shall be taken into account.

Abandonment of part of claim

18. (1) In order to bring a claim within the jurisdiction, a plaintiff may in his summons or at any time thereafter explicitly abandon part of such claim.

(2) If any part of a claim be so abandoned it shall thereby be finally extinguished: Provided that if the claim be upheld in part only, the abandonment shall be deemed first to take effect upon that part of the claim which is not upheld.

Aftrekking van erkende skuld

19. 'n Eiser kan, ten einde 'n vordering binne die jurisdiksie van die hof te bring, in sy dagvaarding of te eniger tyd na die uitreiking daarvan, van sy vordering (hetsy dit gelikwideerd of ongelikwideerd is) 'n bedrag wat volgens eie erkenning deur hom aan die verweerder verskuldig is, aftrek.

Splitsing van vorderings nie geoorloof nie

20. 'n Hoofvordering wat die jurisdiksie oorskry mag nie gesplits word met die oogmerk om dit in meer as een aksie te verhaal nie, indien die partye sowel as die geskilpunt in al sulke aksies dieselfde sou wees.

Kumulatiewe jurisdiksie

21. Wanneer twee of meer vorderings, waarvan elkeen op 'n afsonderlike skuldoorsaak gegrond is, in een dagvaarding verenig word, dan het die hof dieselfde jurisdiksie om elke sodanige vordering te beslis as wat hy sou gehad het as elke sodanige vordering die uitsluitende onderwerp van 'n afsonderlike aksie uitgemaak het.

Geen jurisdiksie uit hoofde van toestemming van partye

22. Die hof het nie jurisdiksie om enige aksie of proses wat andersins buite sy jurisdiksie val, met die toestemming van die partye te verhoor nie.

Staking van aksie

23. (1) Indien die hof van mening is dat 'n saak moeilike of ingewikkelde regs- of feitevrae bevat wat nie afdoende en behoorlik deur die hof beslis kan of behoort te word nie, staak hy die verrigtinge.

(2) Indien die verrigtinge gestaak word soos in subartikel (1) bedoel, kan die eiser opnuut 'n aksie by 'n ander bevoegde geregshof instel.

Onderwerping aan jurisdiksie

24. (1) Niemand is verplig om 'n aksie kragtens hierdie Wet in te stel ten opsigte van 'n vordering wat ook in 'n ander geregshof beregbaar is nie, maar indien 'n aksie wel aldus ingestel word, is die verweerder verplig om hom aan die jurisdiksie van die hof te onderwerp.

(2) Enige bepaling in 'n ooreenkoms waarby die jurisdiksie van die hof uitgesluit word, of waarby 'n party daartoe onderneem om nie 'n aksie ingevolge hierdie Wet in te stel nie, is nietig behalwe waar die partye hulle aan arbitrasie onderwerp.

HOOFSTUK IV

REËLS VAN DIE HOF

Minister kan reëls uitvaardig

25. (1) Die Minister kan reëls uitvaardig, wysig of herroep tot reëling van die volgende aangeleenthede ten opsigte van 'n hof:

(a) Die praktyk en prosedure met inbegrip van die prosedures wanneer die verrigtinge hersien word;

(b) koste en onkoste;

(c) die pligte en bevoegdhede van beamptes van die hof; en

(d) sodanige ander aangeleenthede as wat nodig of nuttig mag wees om vir doeleindes van hierdie Wet voor te skryf.

(2) Verskillende reëls kan ten opsigte van verskillende soorte sake uitgevaardig word.

(3) Geen nuwe reël of geen wysiging of herroeping van 'n reël tree in werking nie tensy dit in die *Staatskoerant* gepubliseer is minstens 30 dae voor die dag waarop die reël of wysiging of herroeping verklaar word in werking te tree.

Deduction of admitted debt

19. In order to bring a claim within the jurisdiction a plaintiff may, in his summons or at any time after the issue thereof, deduct from his claim, whether liquidated or unliquidated, any amount admitted by him to be due by himself to the defendant.

Splitting of claims disallowed

20. A substantive claim exceeding the jurisdiction may not be split with the object of recovering the same in more than one action if the parties to all such actions would be the same and the point at issue in all such actions would also be the same.

Cumulative jurisdiction

21. If two or more claims, each based upon a different cause of action, are combined in one summons, the court shall have the same jurisdiction to decide each such claim as it would have had if each claim had formed the sole object of a separate action.

No jurisdiction by consent of parties

22. The court shall not have jurisdiction to determine any action or proceeding otherwise beyond the jurisdiction, if the parties consent in writing thereto.

Cessation of action

23. (1) If the court is of the opinion that a matter contains difficult or complex questions of law or of fact which cannot or should not adequately or fairly be resolved by the court, it shall stop the proceedings.

(2) If the proceedings are stopped as referred to in subsection (1), the plaintiff shall be entitled to bring a new action in another competent court of law.

Submission to jurisdiction

24. (1) No person shall be bound to bring an action under the provisons of this Act in respect of a claim which may also be adjudicated in another court of law, but if an action is so brought the defendant shall be bound to submit to the jurisdiction of the court.

(2) Any provision in an agreement whereby the jurisdiction of the court is excluded, or whereby a party thereto undertakes not to institute an action under this Act, shall be void, except where the parties submit to arbitration.

CHAPTER IV

RULES OF COURT

Minister may make rules

25. (1) The Minister may make, alter or repeal rules regulating the following matters in respect of a court:

(a) The practice and procedure, including procedure when the proceedings are being reviewed;

(b) fees and costs;

(c) the duties and powers of officers of the court; and

(d) such other matters as are necessary or useful for carrying out the purposes of this Act.

(2) Different rules may be made as to different classes of cases.

(3) No new rule or any alteration or rescission of a rule shall take effect unless it has been published in the *Gazette* at least 30 days before the day upon which it is expressed to take effect.

HOOFSTUK V

BEWYSLEWERING

Reëls van bewyslewering

26. (1) Getuienis wat relevant of wesenlik is tot 'n feit in geskil, kan skriftelik of mondeling aangebied word, en die hof gaan inkwisitoriaal te werk.

(2) Behoudens artikel 28 is die hof nie gebonde aan die geldende reëls van bewysleer nie en kan hom van enige feit of aangeleentheid vergewis op die wyse wat hy goed ag.

Getuienis

27. (1) Behoudens subartikel (2) is 'n party tot 'n geding geregtig om een of meer getuies ter bewys van sy vordering, teenvordering of verweer te roep, maar niemand is verpligbaar om aldus voor 'n hof te getuig nie en indien iemand wel aldus getuig het, is hy nie op enige vergoeding of toelae geregtig nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) affekteer nie die bevoegdheid van die hof om te beslis dat voldoende getuienis gelewer is waarop tot 'n beslissing geraak kan word, en om te gelas dat geen verdere getuienis aangebied sal word nie.

Getuienis moet onder eed afgelê word

28. Niemand lê in 'n hof getuienis af of word ondervra nie tensy van hom die voorgeskrewe eed of bevestiging afgeneem is deur die kommissaris wat by die verrigtinge voorsit of deur die klerk van die hof, of iemand wat in sy plek optree, in die teenwoordigheid van bedoelde kommissaris of, indien die betrokke persoon sy getuienis deur 'n tolk sal aflê, deur bedoelde kommissaris deur bemiddeling van die tolk.

HOOFSTUK VI

INSTEL VAN AKSIE EN VERHOORPROSEDURE

Instel van aksie

29. (1) Die eiser lewer die voorgeskrewe dagvaarding persoonlik of deur sy gevolmagtigde by die klerk van die hof in, tesame met 'n afskrif van 'n skriftelike aanmaning wat vooraf per aangetekende pos deur die eiser aan die verweerder gestuur is en waarin aan die verweerder minstens sewe dae verleen is vir voldoening aan die eiser se vordering.

(2) Indien die klerk van die hof tevrede is dat die eiser 'n natuurlike persoon is en dat sy dagvaarding aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, reik hy die dagvaarding uit en oorhandig dit aan die eiser of sy gevolmagtigde, wat dit aan die geregsbode moet besorg vir betekening op die verweerder.

Terugtrekking van eis

30. (1) 'n Eiser mag te eniger tyd, hetsy voor of gedurende die verhoor van sy eis, met die instemming van die hof die dagvaarding terugtrek, waarna die verrigtinge gestaak word.

(2) Indien verrigtinge gestaak word soos in subartikel (1) bedoel, is die eiser geregtig om opnuut 'n aksie in te stel.

Verskyning tot verdediging aangeteken

31. (1) Indien die verweerder binne die voorgeskrewe tydperk verskyning tot verdediging aanteken, stel die klerk van die hof 'n dag vas vir die verhoor van die vordering.

CHAPTER V

EVIDENCE

Rules of law of evidence

26. (1) Evidence which is relevant or material to any fact in issue, may be submitted in writing or orally, and the court shall function inquisitorially.

(2) Subject to secion 28 the court shall not be bound to the existing rules of evidence and may ascertain any fact or matter in the manner it deems fit.

Evidence

27. (1) Subject to subsection (2) a party to an action is entitled to call one or more witnesses in order to prove his claim, counterclaim or defence, but no person shall be compellable to so testify before a court and if any person so testified, he shall not be entitled to any compensation or allowance.

(2) The provisions of subsection (1) shall not affect the court's power to decide that sufficient evidence has been adduced on which a decision can be arrived at, and to order that no further evidence shall be adduced.

Evidence to be given under oath

28. No person shall testify or be questioned in a court unless the prescribed oath or affirmation has been taken from him by the commissioner presiding at the proceedings or by the clerk of the court, or any person acting in his stead, in the presence of the said commissioner, or if the witness is to give his evidence through an interpreter, by the said commissioner through the interpreter.

CHAPTER VI

INSTITUTION OF ACTION AND TRIAL PROCEDURE

Institution of action

29. (1) The plaintiff shall deliver the prescribed summons personally or through his authorised representative to the clerk of the court, together with a copy of a written demand which has on a prior occassion been sent to the defendant by the plaintiff and in which the defendant was allowed at least seven days to satisfy the plaintiff's claim.

(2) If the clerk of the court is satisfied that the plaintiff is a natural person and that his summons complies with the prescribed requirements, he shall issue the summons and hand it to the plaintiff or his authorised representative, who shall deliver it to the messenger of the court for service on the defendant.

Withdrawal of claim

30. (1) The plaintiff may at any time, whether before or during the hearing of his claim, withdraw the summons, whereupon the proceedings are stopped.

(2) If proceedings are stopped as referred to in subsection (1), the plaintiff shall be entitled to bring a new action.

Appearance to defend

31. (1) If appearance to defend is entered by the defendant within the prescribed period, the clerk of the court shall appoint a day for the hearing of the claim.

(2) Benewens die dagvaarding word geen pleitstukke van die partye verlang nie, dog die verweerder kan te eniger tyd voor die verhoor by die klerk van die hof 'n skriftelike verklaring indien waarin die aard van sy verweer en besonderhede van die gronde waarop dit steun, vermeld word, en 'n afskrif van sodanige verklaring moet deur die verweerder aan die eiser verstrek word.

Gesamentlike ingedingtreding van eisers

32. (1) Enige aantal persone, elk van wie 'n afsonderlike vordering teen dieselfde verweerder het, kan as eisers gesamentlik in geding tree indien hul reg op geregtelike bystand afhang van die beslissing van een of ander regs- of feitlike vraag wat, indien daar afsonderlike aksies ingestel was, in elke aksie sou ontstaan: Met dien verstande dat indien so 'n gesamentlike aksie ingestel word, die verweerder by die hof 'n bevel kan aanvra waarby afsonderlike verhore beveel word, en die hof volgens goeddunke so 'n bevel kan verleen as wat hy billik en raadsaam ag.

(2) In 'n gesamentlike aksie kan vonnis gevel word ten gunste van een of meer van die eisers.

Samevoeging van verweerders

33. Verskeie verweerders kan in die alternatief of sowel in die alternatief as gesamentlik in een aksie aangespreek word indien die eiser beweer dat hy skade gely het en dat dit onseker is welke van die verweerders in regte vir bedoelde skade verantwoordelik is: Met dien verstande dat die hof op aansoek van een of meer van die verweerders volgens goeddunke afsonderlike verhore kan beveel of sodanige ander bevel kan gee as wat hy billik en raadsaam ag.

Wysiging van verrigtinge

34. (1) Die hof kan te eniger tyd voordat vonnis gevel is, 'n dagvaarding of ander dokument wat deel van die stukke voor die hof uitmaak, wysig: Met dien verstande dat geen wysiging aangebring word waarby 'n ander party as die party wat die wysiging aanvra, ondanks verdaging, in sy aksie of verweer benadeel sou kon word nie.

(2) Die wysiging kan aangebring word op sodanige voorwaardes as wat die hof redelik ag.

(3) In stukke voor die hof kan die benaming van 'n persoon of plek soos by algemeen bekend staan beskryf word, en die hof kan op aansoek so 'n verkeerde benaming te eniger tyd voor of na vonnis verbeter.

(4) Indien 'n ongetroude vrou gedagvaar word vir 'n kontraktuele skuld en sy daarna binne gemeenskap van goedere trou of indien 'n getroude vrou gedagvaar word vir so 'n skuld en dit later blyk dat sy binne gemeenskap van goedere getroud is, kan die hof te eniger tyd, op aansoek, voor of na vonnis, die eggenoot van daardie vrou in die plek van die vrou as verweerder of vonnisskuldenaar stel.

HOOFSTUK VII

VONNIS EN KOSTE

Vonnis

35. Die hof kan, wanneer hy op 'n aksie uitspraak gee—

(a) vonnis ten gunste van die eiser vel ten opsigte van sy vordering, vir sover hy dit bewys het;

(b) vonnis ten gunste van die verweerder vel ten opsigte van sy verweer, vir sover hy dit bewys het;

(c) absolusie van die instansie verleen, wanneer dit aan die hof blyk dat die getuienis hom nie daartoe regverdig om vonnis ten gunste van die een of die ander party te vel nie;

(d) so 'n vonnis moet betrekking tot die koste in artikel 38 bedoel, vel as wat billik is;

(2) Apart from the summons no further pleadings shall be required of the parties, but the defendant may at any time before the hearing lodge with the clerk of the court a written statement setting forth the nature of his defence and particulars of the grounds on which it is based, and a copy of such statement shall be furnished to the plaintiff by the defendant.

Joinder of plaintiffs

32. (1) Any number of persons, each of whom has a separate claim against the same defendant, may join as plaintiff in one action if their right to relief depends upon the determination of some question of law or fact which if separate actions were instituted would arise in each action: Provided that if such action be instituted the defendant may apply to the court for an order directing that separate trials be held, and the court in its discretion may make such order as it deems just and expedient.

(2) In any joint action judgement may be given for one or more of the plaintiffs.

Joinder of defendants

33. Several defendants may be sued in the alternative or both in the alternative and jointly in one action if it is alleged by the plaintiff that he has suffered damages and that it is uncertain which of the defendants is in law responsible for such damages: Provided that on the application of any of the defendants the court may in its discretion order that separate trials be held, or make such other order as it may deem just and expedient.

Amendment of proceedings

34. (1) The court may, at any time before judgement, amend any summons or other document forming part of the record before the court: Provided that no amendment shall be made by which any party other than the party applying for such amendment may, notwithstanding adjournment, be prejudiced in the conduct of his action or defence.

(2) The amendment may be made upon such terms as the court may judge reasonable.

(3) In documents before the court the name of any person or place may be described as commonly known, and the court may, on application, correct such misnomer at any time before or after judgment is given.

(4) If an unmarried woman is summoned for a contractual debt and is thereafter married in community of property or if a married woman is summoned for such a debt and it subsequently appears that she was married in community of property, the court may at any time, on application, before or after judgment is given, substitute the husband of such woman for such woman as defendant or judgment debtor.

CHAPTER VII

JUDGMENT AND COSTS

Judgment

35. The court may, as a result of the trial of an action, grant—

(a) judgment for the plaintiff in respect of his claim in so far as he has proved the same;

(b) judgment for the defendant in respect of his defence in so far as he has proved the same;

(c) absolution from the instance, if it appears to the court that the evidence does not justify the court in giving judgment for either party;

(d) such judgment as to costs referred to in section 38 as may be just;

(e) onderworpe aan die voorwaardes wat die hof goed ag, 'n bevel verleen teen die party ten gunste van wie vonnis gevel is, waarby alle verdere verrigtings ten aansien van die vonnis vir 'n bepaalde termyn geheel of gedeeltelik opgeskort word onderwyl die ander party reëlings vir voldoening aan die vonnis tref.

Vonnis by verstek of by toestemming

36. (1) Wanneer 'n verweerder, nadat 'n dagvaarding behoorlik ingevolge artikel 29 op hom beteken is—

(a) versuim om binne die voorgeskrewe tydperk verskyning tot verdediging aan te teken; of

(b) skriftelik aanspreeklikheid erken en toestemming tot vonnis verleen; of

(c) versuim om op die verhoordatum, of op enige datum waartoe die verrigtinge verdaag is, voor die hof te verskyn,

kan die hof, op aansoek van die eiser, uitspraak ten gunste van die eiser gee in soverre hy die verweerder se aanspreeklikheid en die bedrag van die eis tot genoeë van die hof bewys het, en kan die hof enige teeneis deur die verweerder van die hand wys.

(2) Wanneer 'n eiser versuim om op die verhoordatum, of enige datum waartoe die verrigtinge verdaag is, voor die hof te verskyn, kan die hof op aansoek van die verweerder—

(a) die eiser se eis van die hand wys, waarna daardie eis slegs met die toestemming van die hof herhaal kan word; en

(b) met betrekking tot 'n teeneis, uitspraak ten gunste van die verweerder gee in soverre hy die eiser se aanspreeklikheid en die bedrag van die teeneis tot genoeë van die hof bewys het.

Watter vonnisse vernietig kan word

37. Die hof kan, op aansoek van enige persoon wat daardeur geraak word of, in 'n geval in paragraaf (c) bedoel, *suo motu*—

(a) 'n vonnis wat deur hom gevel is in die afwesigheid van die persoon teen wie daardie vonnis gevel is, vernietig of wysig;

(b) 'n vonnis deur hom gevel wat *ab origine* nietig is of wat deur bedrog of ten gevolge van 'n aan die partye gemene dwaling verkry is, vernietig of wysig;

(c) klaarblyklike foute in 'n vonnis herstel.

Koste

38. 'n Toewysing van koste in 'n geding ingevolge hierdie Wet ingestel kan alleenlik die volgende insluit:

(a) Hofgelde;

(b) 'n bedrag in die reëls voorgeskryf ten opsigte van die uitreiking van die dagvaarding; en

(c) die gelde en reiskoste van die geregsbode.

HOOFSTUK VIII

TENUITVOERLEGGING

Geld word direk aan vonnisskuldeiser betaal

39. Geld wat ingevolge 'n vonnis of bevel van die hof betaalbaar is, word deur die vonnisskuldenaar direk aan die vonnisskuldeiser betaal.

Aanbod deur vonnisskuldenaar na vonnis

40. Indien die vonnisskuldenaar, behoudens artikel 41, binne 10 dae nadat die hof vonnis vir die betaling van 'n bedrag geld gevel het, 'n skriftelike aanbod aan die vonnisskuldeiser doen om die vonnisskuld en koste in bepaalde paaiemente of andersins te betaal, en so 'n aanbod

(e) an order, subject to such conditions as the court deems fit, against the party in whose favour judgment has been given, suspending wholly or in part the taking of further proceedings upon the judgment for a specified period pending arrangements by the other party for the satisfaction of the judgment.

Judgment by default or by consent

36. (1) If a defendant, upon a summons having been properly served on him in terms of section 29—

(a) fails to enter appearance to defend within the prescribed period;

(b) admits liability and consents to judgment in writing; or

(c) fails to appear before the court on the trial date or on any other date to which the proceedings have been remanded,

the court may, on application by the plaintiff, grant judgment for the plaintiff in so far as he has proved the defendant's liability and the amount of the claim to the satisfaction of the court, and the court may dismiss any counterclaim by the defendant.

(2) If a plaintiff fails to appear before the court on the trial date or on any other date to which the proceedings have been remanded, the court may, on application by the defendant—

(a) dismiss the plaintiff's claim, whereafter that claim may only be repeated with the consent of the court;

(b) with regard to a counterclaim, grant judgment for the defendant in so far as he has proved the plaintiff's liability and the amount of the counterclaim to the satisfaction of the court.

What judgments may be rescinded

37. The court may, upon application by any person affected thereby, or, in cases falling under paragraph (c), *suo motu*—

(a) rescind or vary any judgment granted by it in the absence of the person against whom that judgment was granted;

(b) rescind or vary any judgment granted by it which was void *ab origine* or was obtained by fraud or by mistake common to the parties;

(c) correct patent errors in any judgment.

Costs

38. An award of costs in any proceedings under this Act may only include—

(a) court fees;

(b) an amount provided for in the rules in respect of the issue of summons; and

(c) the messenger of the court's fees and travelling expenses.

CHAPTER VIII

EXECUTION

Money to be paid directly to judgment creditor

39. Money payable in terms of a judgement or order of the court, shall be paid by the judgment debtor directly to the judgment creditor.

Offer by judgment debtor after judgment

40. If, subject to section 41, the judgment debtor, within 10 days after the court has granted judgment for the payment of a sum of money, makes a written offer to the judgment creditor to pay the judgment debt and costs in

deur die vonnisskuldeiser aanvaar word, beveel die klerk van die hof, op die skriftelike versoek van die vonnisskuldeiser, vergesel van die aanbod, die vonnisskuldenaar om die vonnisskuld en koste ooreenkomstig sy aanbod te betaal, en so 'n bevel word geag 'n bevel van die hof ingevolge artikel 41 te wees.

Ondersoek na finansiële posisie

41. (1) Wanneer die hof vonnis vel vir die betaling van 'n bedrag geld, verneem die hof van die vonnisskuldenaar of hy in staat is om onverwyld aan die vonnis te voldoen, en stel die hof, op aansoek van die vonnisskuldeiser, *in camera* ondersoek in na die finansiële posisie van die vonnisskuldenaar en van sy vermoë om die vonnisskuld en koste te betaal.

(2) Vir doeleindes van 'n ondersoek ingevolge subartikel (1) kan die hof—

(a) van die vonnisskuldenaar vereis om getuienis af te lê, om ondervra te word en om dokumente voor te lê;

(b) die verrigtinge uitstel tot 'n datum en op die voorwaardes deur die hof bepaal.

(3) By die bepaling van die vermoë van 'n vonnisskuldenaar om aan die vonnis te voldoen neem die hof in ag die aard van sy inkomste, die bedrae wat hy nodig het ten opsigte van sy noodsaaklike uitgawes en dié van die persone wat van hom afhanklik is en, behoudens subartikel (4), vir die betaling van periodieke betalings waartoe hy verplig is ingevolge 'n hofbevel, ooreenkoms of andersins ten opsigte van sy ander verpligtings soos geopenbaar in die getuienis voorgelê by die verhoor van die verrigtinge.

(4) Die hof kan na goeddunke weier om periodieke betalings in ag te neem wat die vonnisskuldenaar onderneem het om te betaal ingevolge 'n ooreenkoms kragtens die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet 75 van 1980) vir die aankoop van goed wat nie ingevolge artikel 43 van eksekusie vrygestel is nie of wat na die oordeel van die hof nie as huishoudelike benodigdhede van die vonnisskuldenaar beskou kan word nie.

(5) Na afloop van 'n ondersoek ingevolge subartikel (1) kan die hof—

(a) die vonnisskuldenaar beveel om die vonnisskuld en koste in bepaalde paaiemente of andersins te betaal;

(b) magtiging verleen vir die uitreiking van 'n lasbrief vir eksekusie teen roerende of onroerende goed van die vonnisskuldenaar of die gedeelte daarvan wat die hof goedvind;

(c) magtiging verleen vir die uitreiking van 'n lasbrief in paragraaf (b) bedoel, gepaard met 'n bevel ingevolge paragraaf (a), en eksekusie teen die vonnisskuldenaar geheel en al of ten dele opskort op die voorwaardes ten aansien van sekerheidstelling of andersins wat die hof bepaal.

(6) Indien 'n vonnisskuldenaar versuim om aan 'n vonnis vir die betaling van 'n bedrag geld te voldoen en indien 'n ondersoek ingevolge subartikel (1) nie by vonnisoplegging plaasgevind het nie, kan die vonnisskuldeiser uit die hof die voorgeskrewe kennisgewing uitreik, wat deur die geregsbode beteken word, waarby die vonnisskuldenaar aangesê word om op 'n datum in die kennisgewing vermeld voor die hof *in camera* te verskyn vir 'n ondersoek in subartikel (1) bedoel, waarna die bepalings van subartikels (2), (3), (4) en (5) *mutatis mutandis* van toepassing is.

instalments or otherwise, and such offer is accepted by the judgment creditor, the clerk of the court shall, at the written request of the judgment creditor, accompanied by the offer, order the judgment debtor to pay the judgment debt and costs in accordance with his offer, and such order shall be deemed to be an order of the court in terms of section 41.

Inquiry into financial position

41. (1) When the court grants judgment for the payment of a sum of money, the court enquires from the judgment debtor whether he is able to comply with the judgment without delay, and the court, on application by the judgment creditor, *in camera* conducts an inquiry into the financial position of the judgment debtor and of his ability to pay the judgment debt and costs.

(2) For purposes of an inquiry in terms of subsection (1) the court may—

(a) require from the judgment debtor to testify, to be questioned and to present documents;

(b) remand the proceedings to a date and on the conditions determined by the court.

(3) In determining the ability of the judgment debtor to comply with the judgment, the court shall take into consideration the amounts needed by him for his necessary expenses and those of the persons dependent on him and, subject to subsection (4), for the making of periodical payments which he is obliged to make in terms of an order of court, agreement or otherwise in respect of his other commitments as disclosed in the evidence presented at the hearing of the proceedings.

(4) The court may in its discretion refuse to take account of periodical payments which the judgment debtor has undertaken to make in terms of an agreement under the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980) for the purchase of goods which are not exempted from execution in terms of section 43 or which cannot, in the opinion of the court, be regarded as the judgment debtor's household requirements.

(5) In conclusion of an inquiry in terms of subsection (1) the court may—

(a) order the judgment debtor to pay the judgment debt and costs in instalments or otherwise;

(b) authorise the issue of a warrant of execution against movable or immovable property of the judgment debtor, or such part thereof as the court deems fit;

(c) authorise the issue of a warrant referred to in paragraph (b) together with an order under paragraph (a), and suspend execution against the judgment debtor either wholly or in part on such conditions as to security or otherwise as the court may determine.

(6) If a judgment debtor fails to comply with a judgment for the payment of a sum of money and if an inquiry under subsection (1) was not conducted at the time of passing of judgment, the judgment creditor may issue from the court the prescribed notice, which will be served by the messenger of the court, whereby the judgment debtor is called upon to appear before the court *in camera* on a date specified in the notice for purposes of an inquiry referred to in subsection (1), whereafter the provisions of subsections (2), (3), (4) and (5) shall *mutatis mutandis* apply.

(7) Indien 'n vonnisskuldenaar versuim om op 'n kennisgewing ingevolge subartikel (6) voor die hof te verskyn, kan die hof op aansoek van die vonnisskuldeiser 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitreik ingevolge waarvan hy deur die geregsbode vir doeleindes van 'n ondersoek ingevolge subartikel (1) voor die hof gebring word, en daarbenewens is die bepalings van subartikels (4) tot en met (8) van artikel 44 *mutatis mutandis* van toepassing.

Wyse van tenuitvoerlegging

42. (1) Wanneer 'n hof vir die betaling van geld vonnis vel of 'n bevel uitvaardig vir die betaling van geld in paaiemente, kan sodanige vonnis, in geval van versuim om bedoelde geld binne 10 dae te betaal, of kan sodanige bevel, in geval van versuim om 'n paaiement te betaal op die tyd en op die wyse deur die hof bepaal, by eksekusie afgedwing word teen die roerende goedere en in geval die roerende goedere nie toereikend is om aan die vonnis of bevel te voldoen nie, of die hof om 'n gegronde rede aangevoer aldus beveel, teen die onroerende goed van die party teen wie die vonnis gevel of die bevel uitgevaardig is.

(2) By versuim om 'n paaiement ooreenkomstig 'n hofbevel te betaal, kan tenuitvoerlegging geskied vir die geheel van die vonnisskuld en koste wat dan nog betaalbaar is, tensy die hof op aansoek van die party wat aanspreeklik is, anders beveel.

Goed wat nie vir eksekusie vatbaar is nie

43. Die bepalings van artikel 67 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944) geld *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n lasbrief vir eksekusie ingevolge hierdie Wet uitgereik.

Vonnisskuldenaar moet kennis gee van verandering van sy adres

44. (1) Iemand teen wie 'n hof 'n vonnis gevel of 'n bevel uitgevaardig het en wat nie ten volle aan daardie vonnis of bevel voldoen het nie en alle koste waarvoor hy in verband daarmee aanspreeklik is, vereffen het nie, stel, indien hy van woon-, besigheids-, of werkplek verander het, binne 14 dae vanaf die datum van elke sodanige verandering, die vonnisskuldeiser skriftelik volledig en juis in kennis van sy nuwe woon-, besigheids- of werkplek.

(2) 'n Vonnisskuldeiser kan indien die betrokke vonnisskuldenaar versuim om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen, 'n kennisgewing uitreik uit die hof van die distrik waarin die vonnisskuldenaar woon, besigheid dryf of in diens is, waarby die vonnisskuldenaar aangesê word om voor daardie hof *in camera* te verskyn om redes aan te voer waarom hy nie weens sodanige versuim ter gevangesetting verwys moet word nie.

(3) 'n Kennisgewing in subartikel (2) genoem word deur die vonnisskuldeiser opgestel, word deur die vonnisskuldeiser en die klerk van die hof onderteken en word deur die geregsbode op 'n wyse wat deur die reëls vir die betekening van prosesstukke in die algemeen voogeskryf word, minstens sewe dae voor die verhoordatum daarin vermeld, beteken.

(4) By die verhoor van die verrigtinge ingevolge 'n kennisgewing in subartikel (2) genoem, kan die hof, hetsy die vonnisskuldenaar in die hof teenwoordig is of nie, na goeddunke 'n bevel uitgevaardig vir die gevangesetting van die vonnisskuldenaar vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae, of hom vonnis om, ooreenkomstig die bepalings van enige wet op gevangenisse, periodieke gevangenisstraf te ondergaan vir 'n tydperk van hoogstens 720 uur weens sy versuim om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen, en die uitreiking magtig van 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming en gevangesetting in 'n gevangenis in die lasbrief vermeld.

(7) If a judgment debtor fails to appear before the court on a notice under subsection (6), the court may on application by the judgment creditor issue a warrant for his arrest in terms of which he shall be brought before the court by the messenger of the court for purposes of an inquiry under subsection (1) and, in addition, the provisions of subsections (4) up to and including (8) of section 44 shall *mutatis mutandis* apply.

Manner of execution

42. (1) Whenever a court gives judgment for the payment of money or makes an order for the payment of money in instalments, such judgment, in case of failure to pay such money within 10 days, or such order in case of failure to pay an instalment at the time and in the manner ordered by the court, shall be enforceable by execution against the movable property and, if there is not found sufficient movable property to satisfy the judgment or order, or the court, on good cause shown, so orders, then against the immovable property of the party against whom such judgment has been given or such order has been made.

(2) Upon failure to pay any instalment in accordance with any court order, execution may be effected in respect of the whole of the judgment debt and costs then still unpaid, unless the court, on the application of the party that is liable, orders otherwise.

Property exempt from execution

43. The provisions of section 67 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944) shall *mutatis mutandis* apply in respect of a warrant of execution issued under this Act.

Judgment debtor to give notice of change of address

44. (1) Any person against whom a court has given any judgment or made any order, who has not satisfied in full such judgment or order and paid all costs for which he is liable in connection therewith, shall, if he has changed his place of residence, business or employment, within 14 days from the date of every such change notify the judgment creditor fully and correctly in writing of his new place of residence, business or employment.

(2) A judgment creditor may, if the judgment debtor concerned fails to comply with the provisions of subsection (1), issue a notice from the court of the district in which the judgment debtor resides, carries on business or is employed, calling upon the judgment debtor to appear before such court in chambers to adduce reasons why he should not be committed for such failure.

(3) A notice referred to in subsection (2) shall be prepared by the judgment creditor, shall be signed by the judgment creditor and the clerk of the court, and shall be served by the messenger of the court in the manner prescribed in the rules for the service of process in general at least seven days before the date of the hearing mentioned therein.

(4) At the hearing of the proceedings in terms of a notice referred to in subsection (2) the court may, whether the judgment debtor is present in court or not, make an order, in its discretion, for the committal of the judgment debtor for a period not exceeding 30 days or sentence him to periodical imprisonment, in accordance with the laws relating to prisons, for a period not exceeding 720 hours, for failure to comply with the provisions of subsection (1), and the court may authorise the issue of a warrant for his arrest and committal to a prison specified in the warrant.

(5) Die hof kan te eniger tyd om 'n gegronde rede aangevoer 'n in subartikel (4) genoemde bevel of lasbrief opskort op die voorwaarde wat die hof billik en redelik ag.

(6) Geen bevel word kragtens subartikel (4) uitgevaardig nie en geen lasbrief word kragtens daardie subartikel gemagtig nie indien die vonnisskuldenaar ten genoeë van die hof bewys lewer dat hy onder die ouderdom van 18 jaar is of dat sy versuim om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen, nie opsetlik was nie.

(7) Die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) met betrekking tot periodieke gevangenisstraf is *mutatis mutandis* van toepassing op periodieke gevangenisstraf kragtens hierdie artikel opgelê.

(8) By verrigtinge kragtens hierdie artikel kan die hof 'n bevel met betrekking tot koste in artikel 38 bedoel uitvaardig wat die hof billik en redelik ag.

HOOFSTUK IX

HERSIENING

Vonnis of bevel afdoende

45. Die hof se vonnis of bevel is afdoende en geen appèl kan daarteen aangeteken word nie.

Gronde vir hersiening

46. Die gronde waarop die verrigtings van 'n hof voor 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika vir hersiening gebring kan word is—

(a) gebrek aan regsbevoegdheid van die hof;

(b) belang by die geding, vooroordeel, kwaadwilligheid of korrupsie by die kommissaris; en

(c) growwe onreëlmatigheid in verband met die verrigtings.

HOOFSTUK X

MISDRYWE

Straf op verontagsaming van bevel van die hof

47. Iemand wat hom skuldig maak aan opsetlike verontagsaming van, of versuim om te voldoen aan, 'n bevel van 'n hof, uitgesonderd 'n bevel ingevolge artikel 41 of 42, of aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 41 (6), is aan minagting van die hof skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

Misdrywe met betrekking tot tenuitvoerlegging

48. Iemand wat—

(a) 'n geregsbode of adjunk-geregsbode by die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie Wet belemmer;

(b) wetende dat goedere deur die hof onder arres of beslaglegging geplaas is, daardie goedere wegmaak of daaroor beskik op 'n wyse wat nie by wet gemagtig is nie, of wetens toelaat dat daardie goedere, indien hulle in sy besit of onder sy beheer is, op so 'n wyse weggemaak word of dat op so 'n wyse daaroor beskik word;

(c) synde 'n vonnisskuldenaar, wanneer deur 'n geregsbode of adjunk-geregsbode van hom verlang word om goedere aan te wys ter voldoening aan 'n lasbrief uitgereik of ter tenuitvoerlegging van 'n vonnis teen so iemand, òf—

(a) valslik aan daardie geregsbode of adjunk-geregsbode verklaar dat hy geen goedere of geen voldoende goedere besit om aan die lasbrief te voldoen nie; of

(5) The court may at any time on good cause shown suspend any order or warrant referred to in subsection (4), on such conditions as it may deem just and reasonable.

(6) No order shall be made under subsection (4) and no warrant authorised under that subsection if the judgment debtor proves to the satisfaction of the court that he is under the age of 18 years or that his failure to comply with the provisions of subsection (1) was not wilful.

(7) The provisions of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977) relating to periodical imprisonment shall *mutatis mutandis* apply to periodical imprisonment imposed in terms of this section.

(8) In proceedings under this section the court may make such order with regard to costs referred to in section 38 as it may deem just and reasonable.

CHAPTER IX

REVIEW

Judgment or order final

45. The judgment or order of the court shall be final and no appeal shall lie from it.

Grounds of review

46. The grounds upon which the proceedings of the court may be brought under review before a provincial or local division of the Supreme Court of South Africa are—

(a) absence of jurisdiction on the part of the court;

(b) interest in the cause, bias, malice or corruption on the part of the commissioner; and

(c) gross irregularity with regard to the proceedings.

CHAPTER X

OFFENCES

Penalty for disobedience of order of court

47. Any person wilfully disobeying or neglecting to comply with any order of a court, excluding an order under section 41 or 42, or with a notice under section 41 (6), shall be guilty of contempt of court and shall, upon conviction, be liable to a fine not exceeding R500 or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 6 months or to such imprisonment without the option of a fine.

Offences relating to execution

48. Any person who—

(a) obstructs a messenger or deputy messenger of the court in the execution of his duties under this Act;

(b) being aware that goods have been placed under arrest or attachment by the court, makes away with or disposes of those goods in any manner not authorised by law, or knowingly permits those goods, if in his possession or under his control, to be made away with or disposed of in any such manner;

(c) being a judgment debtor and being required by a messenger or deputy messenger of the court to point out property to satisfy a warrant issued in execution of judgment against such person, either—

(i) falsely declares to that messenger or deputy messenger that he possesses no property or not sufficient property to satisfy the warrant; or

(b) hoewel hy sodanige goedere besit, versuim of weier om die goedere aan te wys; of

(d) synde 'n vonnisskuldenaar, weier of versuim om te voldoen aan 'n vereiste van 'n geregsbode of adjunkgeregsbode met betrekking tot die aflewering van dokumente in sy besit of onder sy beheer, betreffende die titel van die onroerende goed onder eksekusie,

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

Gevangehouding en straf weens minagting van hof

49. (1) Iemand wat 'n regterlike beampte gedurende sy hofsitting, of 'n klerk of geregsbode of ander beampte wat by die sitting aanwesig is, opsetlik beledig of die verrigtings van die hof opsetlik onderbreek of hom op ander wyse aan wangedrag skuldig maak in die plek waar die hofsitting gehou word, is, bo en behalwe dat hy volgens voorskrif van subartikel (3) van artikel 4 verwyder en aangehou kan word, summier of na dagvaarding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

(2) In iedere geval wanneer die hof iemand kragtens hierdie artikel na die gevangenis verwys of beboet, stuur die regterlike beampte sonder versuim aan die griffier van die hersieningshof ter oorweging en hersiening van 'n regter in kamers, 'n deur die regterlike beampte as waar en juis gesertifiseerde verklaring, waarin die gronde en redes vir sy optrede vermeld word, en verstrek hy ook 'n afskrif van die verklaring aan die gevangegesette party.

HOOFSTUK XI

ALGEMENE EN AANVULLENDE BEPALINGS

***Jurisdiksie met betrekking tot pleit van* ultra vires**

50. Geen hof is bevoeg om 'n oordeel uit te spreek oor die regsgeldigheid van 'n provinsiale ordonnansie, 'n regulasie, order of verordening uitgevaardig kragtens 'n wet of 'n uit kragte van 'n wet uitgevaardigde proklamasie van die Staatspresident nie, en elke hof moet aanneem dat elke sodanige ordonnansie, regulasie, order, verordening of proklamasie regsgeldig is.

Aanhangige sake

51. Sake wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet deur die hof bereg kan word maar wat reeds by 'n ander geregshof aanhangig is, word voortgesit en beslis asof hierdie Wet nie aanvaar is nie.

(2) By die toepassing van hierdie Wet word sake geag aanhangig te wees indien 'n dagvaarding by die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik was en word sake geag beslis te wees wanneer uitspraak gegee is.

Kort titel

52. Hierdie Wet heet die Wet op Howe vir Klein Eise, 1984, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by Proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(9 Desember 1983)

KENNISGEWING 920 VAN 1983

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

Die onderstaande wetsontwerp, waarin die inhoud vervat is van klousules 11, 21 (2), 22 en 23 van 'n wetsontwerp wat deel uitmaak van die Verslag van die Parlementêre Gekose Komitee oor Huweliksgoedereregs [GK 11-'83],

(ii) although owning such property neglects or refuses to point out the same; or

(d) being a judgment debtor refuses or neglects to comply with any requirement of a messenger or deputy messenger of the court in regard to the delivery of documents in his possession or under his control relating to the title of the immovable property under execution,

shall be guilty of an offence and liable upon conviction to a fine not exceeding R500 or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months or to such imprisonment without the option of a fine.

Custody and punishment for contempt of court

49. (1) If any person wilfully insults a judicial officer during his sitting or a clerk or messenger or other officer during his attendance at such sitting, or wilfully interrupts the proceedings of the court or otherwise misbehaves himself in the place where such court is held, he shall, in addition to his liability to being removed and detained as provided in subsection (3) of section 4, be liable to be sentenced summarily or upon summons to a fine not exceeding R200 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding 3 months or to such imprisonment without the option of a fine.

(2) In any case in which the court commits or fines any person under the provision of this section, the judicial officer shall without delay transmit to the registrar of the court of review for the consideration and review of a judge in chambers, a statement, certified by such judicial officer to be true and correct, of the grounds and reasons of his proceedings, and shall also furnish to the party committed a copy of such statement.

CHAPTER XI

GENERAL AND SUPPLEMENTARY PROVISIONS

***Jurisdiction as to plea of* ultra vires**

50. No court shall be competent to pronounce upon the validity of a provincial ordinance, a regulation, order or bye-law made under a statute or a statutory proclamation of the State President, and every court shall assume that every such ordinance, regulation, order, bye-law or proclamation is valid.

Pending proceedings

51. (1) Matters which could have been tried by the court at the commencement of this Act but which are already pending in another court of law, shall be continued and concluded as if this Act had not been passed.

(2) Proceedings shall for the purposes of this Act be deemed to be pending if, at the commencement of this Act, summons had been issued and to be concluded when judgment is given.

Short title

51. This Act shall be called the Small Claims Courts Act, 1984, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(9 December 1983)

NOTICE 920 OF 1983

DEPARTMENT OF JUSTICE

The following Bill, which includes the contents of clauses 11, 21 (2), 22 and 23 of a Bill which forms part of the Report of the Parliamentary Select Committee on Matrimonial Property Law [SC 11-'83], is hereby published for

word hiermee ooreenkomstig Regeringsbesluit vir algemene inligting gepubliseer. 'n Verduidelikende memorandum en vraelys in die verband is by die Departement van Justisie, Veritasgebou, Volkstemlaan, Privaatsak X81, Pretoria, 0001 [Telefoon (012) 28-2923, uitbreiding 112], verkrygbaar. Enige persoon wat kommentaar op die wetsontwerp wil lewer of vertoë daaromtrent wil rig, moet dit asseblief nie later nie as 31 Januarie 1984 aan die Direkteur-generaal: Justisie by bovermelde adres stuur.

WETSONTWERP

Tot wysiging van die huweliksgoederereg, om die maritale mag af te skaf; die toepassing van die aanwasbedeling op sekere huwelike sonder tussenkoms van die hof moontlik te maak; voorsiening te maak vir die oormaak van 'n billike gedeelte van die boedel van een gade aan die boedel van 'n ander gade; vir 'n verbod op die vervreemding van 'n gesinswoning onder bepaalde omstandighede; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan

Ingedien te word deur die Minister van Justisie

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Woordbepaling

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"gesinswoning" die woning waarin die gades of enige een van hulle en hulle minderjarige kinders gedurende die bestaan van die huwelik normaalweg woon;

"hof" 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n egskeidingshof ingestel kragtens artikel 10 van die Wet op Swart Administrasie, 1927, Wysigingswet, 1929 (Wet 9 van 1929), en, by die toepassing van artikel 5, ook 'n regter in kamers, wat met betrekking tot die betrokke aangeleentheid jurisdiksie het.

Afskaffing van maritale mag

2. Behoudens die bepalings van artikel 36 van die Wet op Huweliksgoedere, 1984, word die maritale mag wat 'n man kragtens die gemene reg oor die persoon en goed van sy vrou het, afgeskaf.

Toepassing van aanwasbedeling op sekere huwelike sonder tussenkoms van hof

3. 'n Man en vrou wat voor die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere, 1984, buite gemeenskap van goed getroud is, kan binne een jaar na sodanige inwerkingtreding, sonder die tussenkoms van die hof, die aanwasbedeling bedoel in Hoofstuk I van daardie Wet op hul huwelik van toepassing maak deur 'n notariële kontrak te laat verly, wat hul bestaande huweliksvoorwaardeskontrak vervang, waarop die bepalings van artikel 6 van daardie Wet *mutatis mutandis* van toepassing is: Met dien verstande dat waar daar in bedoelde artikel verwys word na die netto waarde van 'n gade se boedel by die aanvang van die huwelik, dit vertolk word as die netto waarde van die boedel by die verlyding van die nuwe notariële kontrak.

Hof kan billike gedeelte van een gade se boedel aan ander gade oormaak

4. (1) Wanneer 'n huwelik wat nie in gemeenskap van goed is nie, hetsy die huwelik voor of na die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere, 1984, gesluit is, deur die dood van een van die gades ontbind word en die

general information according to a Government dicision. An explanatory momorandum and questionnaire in this regard are obtainable from the Department of Justice, Veritas Building, Volkstem Avenue, Private Bag X81, Pretoria, 0001 [Telephone (012) 28-2923, extension 112]. Any person wishing to offer comment on the Bill or to make representations thereanent, should kindly submit it to the Director-General: Justice at the above-mentioned address not later then 31 January 1984.

BILL

To amend the matrimonial property law, to abolish the marital power; allow the application of the accrual system to certain marriages; provide for an equitable share of the estate of one spouse to be made over to the estate of another spouse; for a prohibition on the alienation of a family home under specified circumstances; and to provide for incidental matters

To be introduced by the Minister of Justice

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:

Definition

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

"court" means a provincial or local division of the Supreme Court of South Africa or a divorce court instituted by section 10 of the Black Administration Act, 1927, Amendment Act, 1929 (Act 9 of 1929), and, for the purpose of section 5, also a judge in chambers, which has jurisdiction in the matter concerned;

"family home" means the home in which the spouses or either of them and their minor children normally reside during the subsistence of the marriage.

Abolition of marital power

2. Subject to the provisions of section 36 of the Matrimonial Property Act, 1984, the marital power which a husband has over the property and person of his wife under the common law is hereby abolished.

Application of accrual system to certain marriages without intervention of court

3. A husband and wife married out of community of property before the commencement of the Matrimonial Property Act, 1984, may within one year after such commencement, without the intervention of the court, make the accrual system referred to in Chapter I of that Act applicable to their marriage by having a notarial contract executed according to the said system, which replaces their existing antenuptial contract, on which the provisions of section 6 of that Act is *mutatis mutandis* applicable: Provided that where reference is made in the said section to the nett value of the spouse's estate at the commencement of the marriage it shall be interpreted as the nett value of the estate at the execution of the new notarial contract.

Court may make over an equitable share of one spouse's estate to another

4. (1) When a marriage which is not in community of property, whether the marriage was entered into before or after the commencement of the Matrimonial Property Act, 1984, is dissolved by the death of one of the spouses and the

oorledene regsgeldiglik by testament oor sy goed beskik het, kan die hof op aansoek van die langslewende gade gelas dat 'n billike gedeelte van die boedel van die oorledene aan die langslewende gade oorgemaak word.

(2) 'n Aansoek bedoel in subartikel (1) moet binne vier maande na die aanstelling van 'n eksekuteur ten opsigte van die boedel van die oorledene, aan die hof gerig word.

(3) By die oorweging van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) neem die hof—

(a) die duur van die huwelik;

(b) die omvang van die boedel van die oorledene;

(c) die omvang van die boedel van die aansoeker;

(d) die omvang van enige erflating deur die oorledene aan die aansoeker;

(e) die omvang van die aansoeker se deel in die aanwas indien die huwelik aan die aanwasbedeling onderworpe was;

(f) die belange van ander begunstigdes kragtens die oorledene se testament; en

(g) enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word,

in aanmerking.

(4) By die verlening van 'n egskeidingsbevel ten opsigte van gades wat nie in gemeenskap van goed getroud is nie kan die hof, op aansoek van een van die gades, gelas dat 'n billike gedeelte van die boedel van die ander gade aan die aansoeker oorgemaak word.

(5) 'n Aansoek bedoel in subartikel (4) moet aan die hof gerig word voordat 'n finale egskeidingsbevel verleen word.

(6) By oorweging van 'n aansoek ingevolge subartikel (4) neem die hof—

(a) die duur van die huwelik;

(b) enige wangedrag aan die kant van enige een van die gades wat tot die egskeiding aanleiding gegee het of daartoe bygedra het;

(c) die bestaande of verwagte finansiële vermoëns en verpligtings van die gades;

(d) die omvang van die aansoeker se deel in die aanwas indien die huwelik aan die aanwasbedeling onderworpe is;

(e) enige onderhoud wat deur die een gade aan die ander betaal staan te word; en

(f) enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word,

in aanmerking.

(7) 'n Billike gedeelte van 'n gade se boedel wat kragtens hierdie artikel aan 'n gade oorgemaak moet word, bedra in die geval van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) nie meer nie as 'n kindsdeel of 'n kwart van die boedel van die gade op wie die verpligting rus, watter ook al die grootste is, en in die geval van 'n aansoek ingevolge subartikel (4) nie meer as 'n kwart van die boedel van die gade op wie die verpligting rus nie.

Verbod op vervreemding van gesinswoning sonder beide gades se toestemming

5. (1) 'n Gade wat buite gemeenskap van goed getroud is, is nie bevoeg om sonder die skriftelike toestemming van die ander gade enige onroerende eiendom wat in sy naam geregistreer is en wat as die gesinswoning dien, te vervreem, of met verband of serwituut te beswaar of enige ander saaklike reg daaroor te verleen nie.

deceased validly disposed of his property by will, the court may, on the application of the surviving spouse, order that an equitable share of the estate of the deceased be made over to the surviving spouse.

(2) An application referred to in subsection (1) shall be made to the court within four months after the appointment of an executor in respect of the estate of the deceased.

(3) In considering an application in terms of subsection (1) the court shall take into account—

(a) the duration of the marriage;

(b) the extent of the estate of the deceased;

(c) the extent of the estate of the applicant;

(d) the extent of any bequest by the deceased to the applicant;

(e) the extent of the applicant's share in the accrual if the marriage was subject to the accrual system;

(f) the interests of other beneficiaries in terms of the deceased's will; and

(g) any other factor which should in the opinion of the court be taken into account.

(4) On granting a decree of divorce in respect of spouses who are not married in community of property the court may, on the application of one of the spouses, order that an equitable share of the estate of the other spouse be made over to the applicant.

(5) An application referred to in subsection (4) shall be made to the court before a final decree of divorce is granted.

(6) On considering an application in terms of subsection (4) the court shall take into account—

(a) the duration of the marriage;

(b) any misconduct by any of the spouses which gave rise to the divorce or which contributed thereto;

(c) the existing or prospective financial means and obligations of the spouses;

(d) the extent of the applicant's share in the accrual if the marriage is subject to the accrual system;

(e) any maintenance which is to be paid to the one spouse by the other; and

(f) any other factor which should in the opinion of the court be taken into account.

(7) An equitable share of the estate of a spouse which is made over to a spouse in terms of this section shall not exceed, in the case of an application in terms of subsection (1), a child's share or a quarter of the estate of the spouse on whom the duty rests, whichever is the greater, and, in the case of an application in terms of subsection (4), a quarter of the estate of the spouse on whom the duty rests.

Prohibition on the alienation of family home without consent of both spouses

5. (1) A spouse married out of community of property shall not be entitled without the written consent of the other spouse to alienate, mortgage, burden with a servitude or confer any other real right in any immovable property registered in his name and which serve as the family home.

(2) Wanneer 'n gade die toestemming wat kragtens subartikel (1) vereis word, weerhou, of wanneer die toestemming om 'n ander rede nie verkry kan word nie, kan 'n hof op aansoek van die ander gade 'n bevel gee waarby van die toestemming afgesien word indien hy oortuig is dat, in die geval waar die toestemming weerhou word, die weerhouding van die toestemming onredelik is of, in enige ander geval, daar goeie rede bestaan om van die toestemming af te sien.

(3) Indien 'n registrateur van aktes in wie se kantoor die eiendom geregistreer is, oortuig is van die tersaaklike feite, endosseer hy, op skriftelike versoek van enige een van die gades, op die titelbewys van die eiendom, of as 'n gade weier om so 'n titelbewys wat in sy besit of beheer is, voor te lê, slegs op die registrasieduplikaat daarvan, en teken in die toepaslike registers aan, dat dit 'n eiendom is ten opsigte waarvan subartikel (1) van toepassing is.

Kort titel

6. Hierdie Wet heet die Tweede Wet op Huweliksgoedere, 1984.

(9 Desember 1983)

KENNISGEWING 921 VAN 1983

DEPARTEMENT VAN LANDBOU

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING OM KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE KOMMISSIE VIR VARSPRODUKTEMARKE, 1970 (WET 82 VAN 1970), 'N VARSPRODUKTEMARK TOT STAND TE BRING

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (Wet 82 van 1970), dat mnr. E. Liolios, Hangklipweg 24, Queenstown, 5320, by die Minister van Landbou aansoek gedoen het om goedkeuring om 'n nuwe varsproduktemark op 'n perseel bekend as Erf 388, geleë te Hexagon, Queenstown, tot stand te bring.

Iemand wat vertoë of besware in verband met die bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Kommissie vir Varsproduktemarke, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van vier weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies uitgevaardig kragtens die genoemde Wet.

Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 20 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is, op die betrokke applikant moet bestel.

(9 Desember 1983)

(2) Whenever a spouse withholds the consent required under subsection (1) or when the consent can for any other reason not be obtained, a court may, on the application of the other spouse, make an order dispensing with the consent if it is satisfied, in a case where the consent is withheld, that the withholding of the consent is unreasonable, or, in any other case, that there is good reason to dispense with the consent.

(3) A registrar of deeds in whose office the property is registered, shall on the written application of either spouse, if he is satisfied as to the relevant facts, endorse on the title deed of the property, or if a spouse refuses to produce any such title deed in his possession or under his control, on the registers, that it is property in respect of which subsection (1) applies.

Short title

6. This Act shall be called the Second Matrimonial Property Act, 1984.

(9 December 1983)

NOTICE 921 OF 1983

DEPARTMENT OF AGRICULTURE

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL TO ESTABLISH A FRESH PRODUCE MARKET IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE OF THE COMMISSION FOR FRESH PRODUCE MARKETS ACT, 1970 (ACT 82 OF 1970)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (Act 82 of 1970), that Mr E. Liolios, 24 Hangklip Road, Queenstown, 5320, has applied to the Minister of Agriculture for approval to establish a new fresh produce market on a stand known as Erf 388, situate at Hexagon, Queenstown.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Commission for Fresh Produce Markets, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of four weeks from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 20 (6) of the said regulations which require any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

(9 December 1983)

KENNISGEWING 922 VAN 1983—NOTICE 922 OF 1983

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE—DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE: OKTOBER 1983
STATEMENT OF REVENUE AND EXPENDITURE: OCTOBER 1983

	Begroting Estimates 1983–84	Maand van Oktober Month of October		Totaal: April tot Oktober Total: April to October		
		1983	1982	1983–84	1982–83	
	R	R	R	R	R	
Bedryfsuitgawe: Pos-, Spaar-, Geldoordrag-, Agentskapdienste en Telekommunikasie.....	1 761 579 000*	141 800 359	130 649 086	1 002 449 984†	868 594 879†	***Operating Expenditure:*** Postal, Savings, Money transfer, Agency services and Telecommunications.

	Begroting Estimates 1983–84	Maand van Oktober Month of October		Totaal: April tot Oktober Total: April to October		
		1983	1982	1983–84	1982–83	
	R	R	R	R	R	
Kapitaaluitgawe:						***Capital Expenditure:***
Telekommunikasie	874 700 000	81 860 097	65 269 564	411 799 104	363 820 138	Telecommunications.
Grond, Geboue en Behuising	116 300 000	8 794 567	6 872 634	53 832 788	42 375 935	Land, Buildings and Housing.
Voertuie	18 000 000	2 005 187	2 590 850	4 978 869	11 850 948	Vehicles.
Kantoor-, Dataverwerkings-, Poshanterings- en Voorraadtoerusting	11 930 000	399 734	938 350	3 590 228	7 489 583	Office, Data Processing, Mail Handling and Stores Equipment.
Totaal	1 020 930 000	93 059 585	75 671 398	474 200 989†	425 536 604†	Total.
Bedrae wat uit die bedryfsurplus aangewend staan te word:						***Amounts to be appropriated from the operating surplus:***
Leningsdelging	126 000 000	—	—	86 610 757	63 190 674	Redemption of Loans.
Verhoging van Standaardvoorraadkapitaal	20 000 000	—	—	20 000 000	15 000 000	Increase of Standard Stock Capital.
Personeelbehuisingskema	30 000 000	20 404 704	1 822 876	30 000 524	11 754 724	Staff Housing Scheme.
Totaal	176 000 000	20 404 704	1 822 876	136 611 281†	89 945 398†	Total.
Inkomste:						***Revenue:***
Posdienste	250 357 000	20 545 039	17 528 994	136 625 313	116 201 759	Postal services.
Spaardienste	39 188 000	6 249 913	4 135 684	46 914 215	29 894 060	Savings services.
Geldoordragdienste	18 575 000	1 841 396	1 671 452	11 592 442	10 257 264	Money transfer services.
Agentskapdienste	9 890 000	1 924 888	1 880 700	5 787 717	5 746 791	Agency services.
Telefoondienste	1 608 551 000	132 743 574	103 493 674	926 857 782	713 176 757	Telephone services.
Teleksdienste	113 694 000	10 441 956	7 894 706	69 733 817	59 158 367	Telex services.
Genteksdienste	29 403 000	1 827 161	1 794 672	13 025 126	13 106 209	Gentex services.
Huurverbindings	53 238 000	5 380 648	3 383 596	37 539 261	21 883 762	Leased circuits.
Totaal	2 122 896 000*	180 954 575	141 783 478	1 248 075 673†	969 424 969†	Total.

Drukkersnota: Items stem ooreen met die 1983–84 gedrukte begroting.
Printer's note: Items correspond to 1983–84 printed estimates.

* Interne heffings nie ingesluit nie.
Internal charges not included.

† Nòg inkomste nòg besteding is gelykmatig oor die boekjaar versprei. Sekere groot bedryfsuitgawebetalings geskied kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks, terwyl kapitaaluitgawebetalings saamhang met die uitvoering van bepaalde kort- en langtermynkontrakte.
Neither revenue nor expenditure is evenly spread over the financial year. Certain large operating expenditure payments are made quarterly, half yearly or annually, whilst capital expenditure payments are related to the execution of specific short and long term contracts.

(9 Desember 1983)/(9 December 1983)

KENNISGEWING 926 VAN 1983

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N WERKGEWERSORGANISASIE

Ek, Neville Daniel de Kock, Assistent-nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 4 (2), soos toegepas by artikel 7 (5), van bogenoemde Wet, hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die Cape Motor Transport Owners' Association. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige geregistreerde werkgewersorganisasie wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a Departement van Mannekrag, Mannekraggebou 449, Schoemanstraat 215, Pretoria (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

NOTICE 926 OF 1983

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF AN EMPLOYERS' ORGANISATION

I, Neville Daniel de Kock, Assistant Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2), as applied by section 7 (5), of the above-mentioned Act, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the Cape Motor Transport Owners' Association. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any registered employers' organisation which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o Department of Manpower, 449 Manpower Building, 215 Schoeman Street, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001) within one month of the date of publication of this notice.

TABEL

Naam van werkgewersorganisasie.—Cape Motor Transport Owners' Association.

Datum waarop aansoek ingedien is.—2 September 1983.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.—Werkgewers (uitgesonderd plaaslike owerhede soos omskryf in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956) wat ten opsigte van hul motorvervoerbedrywighede motorvoertuie gebruik vir die vervoer van goedere vir verhuring of vergoeding of voortspruitend uit die dryf van hul besigheidsaktiwiteite, betrokke is by die volgende ondernemings, nywerhede, bedrywe of beroepe in die landdrosdistrikte Caledon, Ceres, Goodwood, Hermanus, Hopefield, Kuilsrivier, Malmesbury, Montagu, Paarl, Piketberg, Robertson, Stellenbosch, Strand, Tulbagh, Vredenburg, Wellington en Worcester:

Karweiers.

Groothandelapteke.

Groothandeldrankbedrywe.

Meulnywerheid.

Uitgewers.

Droogskoonmakers en wasserye.

Steengroefoperateurs.

Steen-en-teëlmakerye.

Suiwelnywerheid.

Konfyt-en-inmaaknywerheid.

Verskaffers van sand, steen, gruis en padboumateriaal.

Kleiproduktenywerheid.

Houeroperateurs en pakhuisoperateurs.

Kommersiële distribusiebedryf, wat beteken die bedryf gedryf deur werkgewers van wie vereis word om 'n algemene handelaarslisensie of 'n varsprodukte-handelaarslisensie te hê, maar met uitsondering van die werkgewers in die bounywerheid en die Nie-Blanke kleinhandelbedryf, ten opsigte van hul aktiwiteite as sodanig.

Belange en gebied waarvoor registrasie gehou word.—Werkgewers werksaam in die motorvoertuigvervoerberoep (behalwe in verband met die vervoer van passasiers) in die landdrosdistrikte Die Kaap, Bellville, Simonstad en Wynberg in die belange hieronder aangedui:

(1) Afslaersbedryf;

(2) Asbesnywerheid;

(3) Baksteen- en Teëlvervaardigings- en Sement- en/of Sementproduktenywerheid;

(4) Blikhouernywerheid;

(5) Borselnywerheid;

(6) Brounywerheid;

(7) Chemikalieënywerheid;

(8) Druknywerheid;

(9) Gasnywerheid;

(10) Groothandel-Wyn- en -Spiritusbedryf;

(11) Hotelbedryf;

(12) Kers- en Seepnywerheid;

(13) Klerasienywerheid;

(14) Klipgroefwerkbedryf;

(15) Kommersiële Distribusiebedryf;

(16) Kurknywerheid;

(17) Lewendehawe-, Wol-, Huide- en Vellebedryf;

(18) Loodnywerheid;

(19) Maalnywerheid;

(20) Melkerybedryf;

TABLE

Name of employers' organisation.—Cape Motor Transport Owners' Association.

Date on which application was lodged.—2 September 1983.

Interests and area in respect of which application is made.—Employers (other than local authorities as defined in the Labour Relations Act, 1956) who, in respect of their motor transport activities operate motor vehicles for the transportation of goods for hire or reward or incidental to the conduct of their business activities, are engaged in the following undertakings, industries, trades or occupations in the Magisterial Districts of Caledon, Ceres, Goodwood, Hermanus, Hopefield, Kuils River, Malmesbury, Montagu, Paarl, Piketberg, Robertson, Stellenbosch, Strand, Tulbagh, Vredenburg, Wellington and Worcester:

Cartage contractors.

Wholesale chemists.

Wholesale liquor trade.

Milling industry.

Publishers.

Dry cleaners and launderers.

Quarriers.

Brick and tile makers.

Dairy industry.

Jam and canning industry.

Suppliers of sand, stone, gravel and road materials.

Clay products manufacturing industry.

Container operators and warehousemen.

Commercial distributive trade, which means the trade conducted by employers who are required to hold a general dealers licence or fresh produce dealers licence, but excluding the employers in the Building Industry and the Non-White retail trade, in respect of their activities as such.

Interests and area in respect of which registration is held.—Employers engaged in the motor vehicle transport occupation (other than in connection with the transport of passengers) in the trades and industries specified below in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Bellville and Simon's Town:

(1) Asbestos Manufacturing Industry;

(2) Auctioneering Trade;

(3) Brewing Industry;

(4) Brick and Tile Making and Cement and/or Cement Products Manufacturing Industry;

(5) Brush Manufacturing Industry;

(6) Candle & Soap Manufacturing Industry;

(7) Cartage Contracting;

(8) Catering Trade;

(9) Chemical Manufacturing Industry;

(10) Clothing Industry;

(11) Commercial Distributive Trade;

(12) Cork Manufacturing Industry;

(13) Dairy Trade;

(14) Fish Canning Industry;

(15) Flock and Wadding Manufacturing Industry;

(16) Food Products Manufacturing Industry;

(17) Gas Manufacturing Industry;

(18) Hotel Trade;

(19) Ice Cream Manufacturing Industry;

(20) Lead Manufacturing Industry;

(21) Mineraalwaternywerheid;
(22) Monumentklipmesselwerknywerheid;
(23) Roomysnywerheid;
(24) Padmaaknywerheid;
(25) Petrol- en Oliebedryf;
(26) Saagmeulnywerheid;
(27) Sanitêre Verwydering;
(28) Skeepagentebedryf;
(29) Skoenherstelbedryf;
(30) Skouburgbedryf;
(31) Tabaknywerheid;
(32) Verf- en Politoernywerheid;
(33) Verversingsbedryf;
(34) Vervoerkontraktering;
(35) Visinmaaknywerheid;
(36) Vleisbedryf (Groothandel en Kleinhandel);
(37) Vlok- en Wattenywerheid;
(38) Voedselproduktenywerheid;
(39) Vuurhoutjienywerheid.

Posadres van applikant.—Posbus 49, Eersterivier, 7100.

Kantooradres van applikant.—Van Ryneveldstraat, Eersterivier.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikel 4 en 7 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n beswaarmakende werkgewersorganisasie verteenwoordigend is, word ingevolge artikel 4 (4), soos toegepas by artikel 7 (5), bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat lidmaatskap betref, word slegs lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

(b) Die prosedure voorgeskryf by artikel 4 (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

N. D. DE KOCK, Assistent-Nywerheidsregistrateur.

(9 Desember 1983)

KENNISGEWING 927 VAN 1983

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N NYWERHEIDSRAAD

Ek, Neville Daniel de Kock, Assistent-nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 19 (2), soos toegepas by artikel 19 (9), van bogenoemde Wet hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die Border Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige persoon wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a Departement van Mannekrag, Mannekraggebou, Schoemanstraat 215, Pretoria (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

TABEL

Naam van nywerheidsraad.—Border Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry.

Datum waarop aansoek ingedien is.—1 September 1983.

(21) Match Manufacturing Industry;
(22) Meat Trade (Wholesale and Retail);
(23) Milling Industry;
(24) Mineral Water Manufacturing Industry;
(25) Monumental Masonry;
(26) Paint and Polish Manufacturing Industry;
(27) Petrol and Oil Trade;
(28) Printing Industry;
(29) Road Making Industry;
(30) Saw Milling Industry;
(31) Shoe Repairing Trade;
(32) Stone Quarrying Industry;
(33) Theatre Trade;
(34) Tin Container Manufacturing Industry;
(35) Tobacco Manufacturing Industry;
(36) Trade of Dealing in Livestock, Wool, Hides & Skins;
(37) Trade of Shipping Agents;
(38) Wholesale Wine & Spirit Trade; and
(39) Sanitary Removals.

Postal address of applicant.—P.O. Box 49, Eerste River, 7100.

Office address of applicant.—Van Ryneveld Street, Eerste River.

Attention is drawn to the following requirements of sections 4 and 7 of the Act:

(a) The representativeness of any employers' organisation which objects to the application shall in terms of section 4 (4), as applied by section 7 (5), be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.

(b) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

N. D. DE KOCK, Assistant Industrial Registrar.

(9 December 1983)

NOTICE 927 OF 1983

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF AN INDUSTRIAL COUNCIL

I, Neville Daniel de Kock, Assistant Industrial Registrar, do hereby in terms of section 19 (2), as applied by section 19 (9), of the above-mentioned Act, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the Border Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any person who objects to the application is invited to lodge his objection in writing with me, c/o Department of Manpower, Manpower Building, 215 Schoeman Street, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

TABLE

Name of Industrial Council.—Border Industrial council for the Furniture Manufacturing Industry.

Date on which application was lodged.—1 September 1983.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.—Die Meubelnywerheid in die landdrosdistrikte Albert, Fort Beaufort en Stutterheim.

"Meubelnywerheid" of "Nywerheid" beteken, sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking enigsins te beperk, die vervaardiging, hetsy in geheel of gedeeltelik, van alle soorte meubels, ongeag die soort materiaal gebruik, en omvat onder andere die volgende werksaamhede:

(a) Herstel-, stoffeer-, herstoffeer-, beits-, spuit- of poleer- en/of herpoleerwerk, die maak van los oortreksels en/of kussings en/of die maak en/of herstel van raamveermatrasse en/of rame vir stoffeerwerk, houtmasjienwerk, fineerwerk, houtdraaiwerk, houtsnywerk in verband met die vervaardiging en/of herstel van meubels, poleer- en/of herpoleerwerk aan klaviere of die vervaardiging van en/of beits-, spuit- en poleer- en/of herpoleerwerk aan meubels vir teekamers, kantore, kerke, skole, kroeë of teaters, en dit sluit die vervaardiging of prosesse in die vervaardiging van beddens in, waarvan die woordomskrywing en interpretasie alle tipes matrasse, veermatrasse, dekens, kussings, onderkussings en stoelkussings insluit, en dit sluit werksaamhede in wat uitgevoer word in 'n perseel waar houtmasjienwerk, houtdraaiwerk en/of houtsnywerk in verband met die vervaardiging van meubels verrig word; en dit sluit voorts in herstel-, herstoffeer- of herpoleerwerk aan meubels in of in verband met bedryfsinrigtings waarin die vervaardiging van meubels of 'n werksaamheid wat in verband staan met die finale voorbereiding van 'n artikel of meubelstuk vir verkoop, in sy geheel of gedeeltelik, uitgevoer word en die finering van deure wat van lamelblokbord of laaghout gemaak is en vir meubels gebruik word, en alle dele van materiaal wat vir die vervaardiging van meubels gebruik word;

(b) die vervaardiging van kabinette vir musiekinstrumente en radio- of draadlooskabinette, in geheel of gedeeltelik, deur werkgewers betrokke by een of meer van die aktiwiteite in paragraaf (a) genoem;

maar omvat nie die vervaardiging van artikels wat hoofsaaklik van mandjiesgoed, gras en/of rottang gemaak is, en die vervaardiging van metaalmeubels, met inbegrip van die vervaardiging van metaalkatels, of die belange soos omskryf in paragraaf G (b), (e) en (f) van die registrasiesertifikaat van die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid, wat die woordomskrywings van onderskeidelik die "Elektrotegniese Ingenieursnywerheid", "Plastieknywerheid" en "plastiek" bevat, nie.

Belange en gebied ten opsigte waarvan registrasie gehou word.—Die Meubelnywerheid, soos hierbo omskryf, en die landdrosdistrikte Aliwal-Noord, Oos-Londen en Queenstown.

Posadres van applikant.—Posbus 27, Oos-Londen, 5200.

Kantooradres van applikant.—Carmelhuis, Gladstonestraat 7–9, Oos-Londen.

Die prosedure soos voorgeskryf by paragrawe (b), (c), (d), (e) en (f) van artikel 19 (2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

N. D. DE KOCK, Assistent-nywerheidsregistrateur.

(9 Desember 1983)

Interests and area in respect of which application is made.—The Furniture Manufacturing Industry in the Magisterial Districts of Albert, Fort Beaufort and Stutterheim.

"Furniture Manufacturing Industry" or "Industry" means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the manufacture, either in whole or in part, of all types of furniture irrespective of materials used, and includes, inter alia, the following operations:

(a) Repairing, upholstering, re-upholstering, staining, spraying or polishing and/or repolishing, the making of loose covers and/or cushions and/or the making and/or repairing of box-spring mattresses and/or frames for upholstering, wood-machining, veneering, wood-turning, carving in connection with the manufacture and/or repair of furniture, polishing and/or repolishing of pianos or the manufacture and/or staining, spraying and polishing and/or repolishing of tearoom, office, church, school, bar or theatre furniture, including the manufacture or processes in the manufacture of bedding, the definition and interpretation of which include all manner or types of mattresses, springmattresses, overlays, pillows, bolsters and cushions, and including the activities carried on in any premises where wood-machining, woodturning and/or carving in connection with the production of furniture is carried on; and including further the repairing, re-upholstering or repolishing of furniture in or in connection with establishments in which the production of furniture or any operation associated with the final preparation of any article of furniture for sale either in whole or in part is carried on, and the veneering of laminated blackboard or plywood doors used for furniture, and all parts of materials used in the construction of furniture;

(b) the manufacture either in whole or in part of cabinets for musical instruments and radio or wireless cabinets by employers engaged in any one or more of the activities specified in paragraph (a);

but excludes the manufacture of articles made principally of wicker, grass and/or cans and the manufacture of metal furniture including the manufacture of metal bedsteads, and further excludes the interests as defined in paragraph G (b), (e) and (f) of the certificate of registration of the National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry containing definitions of "Electrical Engineering Industry", "Plastics Industry" and "plastics" respectively.

Interests and area in respect of which registration is held.—The Furniture Manufacturing Industry as defined above, in the Magisterial Districts of Aliwal North, East London and Queenstown.

Postal address of applicant.—P. O. Box 27, East London, 5200.

Office address of applicant.—Carmel House, 7–9 Gladstone Street, East London.

The procedure laid down in paragraphs (b), (c), (d), (e) and (f) of section 19 (2) of the Labour Relations Act, 1956, must be followed in connection with any objections lodged.

N. D. DE KOCK, Assistant Industrial Registrar.

(9 December 1983)

KENNISGEWING 928 VAN 1983

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Neville Daniël de Kock, Assistent-nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 4 (2) van bogenoemde Wet hierby bekend dat 'n aansoek om registrasie ontvang is van die South African Metal and Engineering Employees' Union. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige geregistreerde vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a Departement van Mannekrag, Mannekraggebou 449, Schoemanstraat 215, Pretoria (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

TABEL

Naam van vakvereniging.—South African Metal and Engineering Employees' Union.

Datum waarop aansoek ingedien is.—11 April 1983.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.—Werknemers in diens in die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid in die landrosdistrik Durban.

"Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerhede" beteken die nywerhede wat te doen het met die produksie van yster en/of staal en/of legerings en/of die verwerking en/of herwinning en/of raffinering van metale (uitgesonderd edelmetale) en/of legerings uit metaalskuim en/of afval en/of residue's; die onderhoud, vervaardiging, oprigting of montering, bou, verandering, vervanging of herstel van enige masjien, voertuig (uitgesonderd 'n motorvoertuig) of artikel wat hoofsaaklik uit metaal (uitgesonderd edelmetale) bestaan, of dele of samestellende daarvan en boumetaalwerk, met inbegrip van staalwapeningswerk; die vervaardiging van metaalgoedere hoofsaaklik uit sodanige yster en/of staal en/of ander metale (uitgesonderd edelmetale) en/of legerings en/of die afwerking van metaalgoedere; die bou en/of verandering en/of herstel van bote en/of skepe, met inbegrip van die afskraap, bik en/of afklop en/of verf van die rompe van bote en/of skepe en algemene houtwerk wat in verband met skeepsherstelwerk onderneem word, en omvat ook die Elektrotegniese Ingenieursnywerheid, die Hyser- en Roltrapnywerheid en die Plastieknywerheid, maar nie die Motornywerheid nie.

"Elektrotegniese Ingenieursnywerheid"—

(a) die vervaardiging en/of montering, uit samestellende dele, van elektriese uitrusting, naamlik generators, motore, konvertors, skakel- en kontrole-uitrusting (met inbegrip van relês, kontaktors, elektriese instrumente en uitrusing wat daarmee in verband staan), elektriese verligtings-, verhittings-, kook-, bevriesing- en verkoelingsuitrusting, transformators, oonduitrusting, seinuitrusting, radio- of elektroniese uitrusting, en ander uitrusting wat die beginsels toepas wat gebruik word in die bediening van radio- en elektroniese uitrusting, gloeilampe en elektriese kabels en huishoudelike elektriese toestelle en omvat dit ook die vervaardiging van samestellende dele van bogenoemde uitrusting;

(b) die installering, onderhoud en herstel van die uitrusting in paragraaf (a) hierbo bedoel, maar omvat dit nie ook die Elektrotegniese Kontraknywerheid nie;

NOTICE 928 OF 1983

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Neville Daniël de Kock, Assitant Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2) of the above-mentioned Act, give notice that an application for registration as a trade union has been received from the South African Metal and Engineering Employees' Union. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any registered trade union which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o Department of Manpower, 449 Manpower Building, 215 Schoeman Street, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

TABLE

Name of trade union.—South African Metal and Engineering Employees' Union.

Date on which application was lodged.—11 April 1983.

Interests and area in respect of which application is made.—Employees engaged in the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry in the Magisterial district of Durban.

"Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries" means the industries concerned with the production of iron and/or steel and/or alloys and/or the processing and/or recovery and/or refining of metals (other than precious metals) and/or alloys from dross and/or residues; the maintenance, fabrication, erection or assembly, construction, alteration or repair of any machine, vehicle (other than a motor vehicle) or article consisting mainly of metal (other than a precious metal) or parts of components thereof and structural metal work, including steel re-inforcement work; the manufacture of metal goods principally from such iron and/or steel and/or other metals other than precious metals and/or alloys and/or the finishing of metal goods; the building and/or alteration of boats and/or ships, including the scraping, chipping and/or scaling and/or painting of the hulls of boats and/or general woodwork undertaken in connection with ship repairs, and includes the Electrical Engineering Industry, the Lift and Escalator Industry and the Plastics Industry, but does not include the Motor Industry.

"Electrical Engineering Industry" means—

(a) the manufacture and/or assembly from component parts of electrical equipment namely, generators, motors, converters, switch and control gear (including relays, contractors, electrical instruments and equipment associated therewith), electrical lighting, heating, cooking, refrigeration and cooling equipment, transformers, furnace equipment, signalling equipment, radio or electronic equipment and other equipment utilising the principles used in the operation of radio and electronic equipment, incandescent lamps and electric cables and domestic electrical appliances, and includes the manufacture of component parts of the aforementioned equipment;

(b) the installation, maintenance, and repair of the equipment referred to in paragraph (a) above, but does not include the Electrical Contracting Industry;

"Elektrotegiese Kontraknywerheid" die ontwerp, voorbereiding (uitgesonderd die vervaardiging vir verkoop) en oprigting van elektriese installasies wat 'n integrerende en permanente deel van geboue uitmaak, en die herstel en/of onderhoud van sodanige installasies, met inbegrip van die kabellaswerk en elektriese bedrading wat daarmee in verband staan;

"Hyser- en Roltrapnywerheid" die vervaardiging en/of montering en/of installering en/of herstel van elektriese hysers en roltrappe;

"Plastieknywerheid" die vervaardiging van artikels of gedeeltes van artikels in hul geheel of hoofsaaklik uit plastiek, maar omvat dit nie ook die volgende artikels wat van plastiekdoekstof gemaak word nie, nl.:

Klerasie, sakke en handsakke, stewels, skoene, oorskoene, stoffeeroortreksels en plastiek-hortjiesblindings;

"plastiek" enigeen van die groep stowwe wat, as 'n essensiële bestanddeel, 'n organiese stof met 'n groot molekulêre massa bevat of daaruit bestaan, en wat, terwyl dit in die afgewerkte vorm solied is, in die een of ander stadium van die vervaardiging daarvan geforseer is of geforseer kan word, d.w.s. deur vloei in verskillende vorms gegiet, gekalandeer, uitgestoot of gevorm kan word, gewoonlik deur die aanwending van slegs hitte en slegs druk of van albei saam;

